

## DIE OWERHEIDSINMENGING MET BETREKKING TOT KERKLIKE TUGHANDELINGE.

Prof. mr. dr. L. Roeeveld.

### 1. PROBLEEMSTELLING:

Volgens art 29 NGB is die merktekens van die ware kerk die suiwere prediking van die Evangelie, die suiwere bediening van die Sakramente en die gebruik van die kerklike tug. Art. 32 NGB spreek uit dat die Kerkorde nie mag afwyk van wat Christus ingestel het nie. Menslike vindinge en wette om die gewetens te bind en te dwing, moet daarom verwerp word. Die ekskommunikasie of die ban moet toegepas word volgens die Woord van God.

In hierdie studie wil ek aantoon dat die Suid-Afrikaanse presentereg, op grond waarvan regbanke van die staat kerklike tughandelinge volgens Goddelike reg moet toets aan reëls van "natuurlike geregtigheid" onjuis is en in stryd is met die godsdiensvryheid. As gevolg daarvan moes soms kettters en skeurmakers op die kansel van kerke toegelaat word. Hierdie owerheidsinmenging is strydig met die lesse van die geskiedenis, ons gemene reg en die internasionaal erkende godsdiensvryheid. Erger is nog dat hierdie regspraktyk tot 'n verslapping van kerklike tug lei, omdat die ouderlinge en meerdere vergaderinge altyd 'n moontlike inmenging deur staatsregbanke in gedagte moet hou. Dit verhef wêreldlike tot kerklike norme. Dit verswak die kerk en 'n verswakte kerk hou ook 'n bedreiging vir die staat in. Dit maak staatsregbanke die laaste en hoogste gesag in Christus se kerk op aarde, terwyl die wetgewing van die staat geen waarborge bevat dat die regters bevoegde Christene is wat kan oordeel nie. Die kerklike tug word ook belemmer deur die ontkenning van die ampsgeheim van kerklike ampsdraers wat in stryd met ons gemene reg en met die reg van die meeste beskaafde Europese state is.

### 2. GESKIEDENIS:

Die owerheidsinmenging in kerklike tugoefening hang geskiedkundig nou saam met die verhouding tussen kerk en die staat in hul eeuelange stryd. Om dit in die regte perspektief te stel, is dit onvermydelik om die hoofsaake van die geskiedkundige agtergrond kortliks te vermeld.

#### 2.1. Die Reformasie.

Die Reformasie het die Roomse leer van die supremasie van die kerk oor die staat verwerp. Die Roomse owerheid het die staatsorgane misbruik om kettters weens hoogverraad ter dood te bring. Die staat as dienaar van die Roomse kerk het gereformeerde burgers as kettters gestraf en probeer uitroei. Dit het saamgehang met die magsaanmatiging van 'n sentraliserende owerheid, wat die privilegie van godsdiensvryheid vertrap het. Dit was die belangrikste oorsaak vir die Tagtigjarige oorlog van die Nederlanders teen Spanje. Die Prins van Oranje het in 1568 die oorlog begin in naam van die legitimiteit: *pro lege, rege, grege*, d.i. vir die koning in sy deur die Goddelike en wêreldlike reg begrensde amp, vir die handhawing van die bestaande reg, vir die welsyn van die volk. Die wapenspreuk van die Prins van Oranje "Je maintiendrai" d.i. ek sal die privilegies, te wete die volksvryhede, handhaaf, kom nog vandag in die Rykswapen van Nederland voor. Godsdiensvryheid was die belangrikste privilegie.

2.2. *Die Kerkordes 1568-1619.*<sup>1</sup>

Die geskiedenis van die Kerkordes hou regstreeks verband met die Nederlandse geskiedenis. Aan die begin van die oorlog in 1568 ly Prins Willem van Oranje as leier van die verset 'n verpletterende nederlaag. Baie Nederlandse gereformeerdes vlug na Duitsland. Hul gemeentes was vernietig, maar hul geloofsmoed bring hul in 'n vergadering in *Wesel* by mekaar waar die grondslage van gereformeerde kerkregering gelê word. 'n Groot watersnood in 1570 maak krygsverrigtinge onmoontlik. Die gereformeerde kerke organiseer hulself ondergronds as gemeentes onder die kruis van 'n vyandige owerheid, wat hulle verbied het om te vergader.

In die Noord-Duitse stad *Emden* het na 1540 ongeveer 6 000 Calvinistiese vlugteling hul gevestig. In 1571 vind daar die eerste vergadering van afgevaardigdes van Nederduits gereformeerde gemeentes buite hul vaderland en buite bereik van hul vyandige owerheid plaas. Hierdie vergadering stel 'n Kerkorde vas, wat tot vandag toe die toetssteen vir gereformeerde kerkregering is omdat (1.) Hierdie KO sonder politieke gesag opgestel en vry van enige owerheidsinvloed is; (2.) Hierdie KO is antihiërgies en bepaal geen kerk (gemeente) sal oor ander kerke heers nie, want die kerkverband is suiwer konfederaal; *par in parem non habet jurisdictionem*.

Die bevryding van Nederland begin as 'n wonderwerk van die **HERE** op 1 April 1572. Hoewel die bloedige oorlog voortgaan, kan die gemeentes nou in hulle eie vaderland meerdere vergaderinge hou. Die gereformeerde owerheid bevorder die voortgang van die Reformasie. Omdat die owerheid die regsreël *cujus regio ejus religio* (die godsdienst van die owerheidspersone is die bevoorregte godsdienst van die land) nie afgeskaf het nie, hou die Gereformeerde owerheid hom ook met die gereformeerde kerkorganisasie besig.

Die latere Grondwet van die Unie van *Utrecht* in 1579 verhinder egter die owerheid om in die voetspore van sy Roomse voorganger op te tree. Artikel 13 daarvan bepaal dat niemand meer weens sy geloofsoortuiging vervolg of gestraf mag word nie. Dit verhinder egter nie dat die owerheid met kerklike sake van die gereformeerde kerk wil inmeng nie. Reeds vroeg in die Tagtigjarige oorlog ontstaan 'n stryd tussen die owerheidspersone en kerklike ampsdraers wat in die geskiedenis van die kerkordes weerspieël word.

Die Provinsiale Sinode van *Dordrecht* 1574 stel die Kerkorde van 1571 gewysig vas. Art. 5 bepaal dat die kerkedienaars in hulle vergaderings slegs kerklike sake sal behandel. In gedeeltelik kerklike en politieke sake, soos die huweliksreg, sal die kerk die oordeel en outoriteit van die owerheid soek.

Die Nasionale Sinode van *Dordrecht* 1578 verwerp 'n voorstel van 1575 dat die kerk 'n verlengstuk van die staat beskou moet word. Die owerheid sien kerklike eenheid as 'n staatsbelang vir die vryheidstryd. Die kerke (gemeentes) is egter bevrees dat die owerheid daardeur die kerklike tug en suiwerheid van die leer sal belemmer. Dit handhaaf egter die kerklike tug naas die strafregtelike bevoegdheid van die owerheid. Dit verbied die owerheid ook om dienare van die kerk te ontslaan. Die Prins van Oranje verkry die steun van die sinode vir 'n godsdienstvrede want hy het ook die steun van Roomse burgers nodig in die stryd teen Spanje.

Die sinodes van *Middelburg* 1581 en van 's-Gravenhage 1586 bou

op dieselfde grondslag verder. Die kerk wil vry van selfs 'n gereformeerde owerheid wees.

Die owerheid van die Provinsie Holland verset hom reeds vroeg teen die beginsel van 'n vrye kerk in 'n vrye staat. Hy ontwerp reeds in 1576 kerklike wette wat die kerk aan die staat ondergeskik maak. Dié wette wil die kerklike tug beperk en die kerk so ruim moontlik oopstel vir allerlei mense met ongereformeerde agtergrond. Hul ideaal is: een kerk in een staat. Hierdie wette van 1576 is as gevolg van groot teenstand van die predikante, en waarskynlik ook as gevolg van ingryping van Prins Willem van Oranje, wat intussen die gereformeerde godsdiens aanvaar het, nooit ingevoer nie.

Dieselfde het gebeur met die ontwerp Staatskerkorde van 1583. Die Hollandse owerheid het gemeen dat hy reg het om kerklike wetgewing te maak volgens die redenering dat nie die priester Aaron nie, maar die volksleier Moses kerklike wette gegee het.

'n Nuwe poging is in 1591 onderneem. Die Remonstrant Oldenbarnevelt wou van die kerk 'n staatsdepartement maak. Die meerdere vergaderings sou in kerklike geskille as beroepsinstansies uitgeskakel word. Kerklidmate sou net geëkskommunikeer kan word met toestemming van die owerheid. Die regsgeleerde De Groot het met hierdie opvatting saamgestem en dit verdedig. In 1612 voer die Arminiaanse owerheid hierdie kerkwette in provinsie Holland in. Dit lei tot twiste, openbare verset en 'n storm van proteste. Die vryheid van die kerk in Holland was vernietig, die gereformeerde kerkverband buite werking gestel en die kerklike tug kon net onder toesig van die owerheid uitgeoefen word.

Die twis en verwarring in die verhouding tussen kerk en staat het nie net die kerke nie, maar ook die provinsiestaat Holland en die Nederlandse Republiek ondermyn. Die Nederlande was regtens nog altyd in oorlog met Spanje, al was daar sedert 1609 'n wapenstilstand. Die regering van die Republiek, onder leiding van die stadhouer Prins Maurits, het ingegryp en die bekende nasionale sinode van Dordrecht 1618-1619 bymekaar geroep. Die DKO van 1619 verwerp die subordinasie van die kerk aan die staat. Dit bepaal in art 28 dat daar tussen Christelike owerheidspersone en kerklike ampsdraers 'n wedersydse korrespondensie in eendrag bestaan, waarin elkeen sy eie verpligting moet nakom.<sup>2</sup> Die kerklike vergaderings hou hulle volgens art. 30 net met kerklike sake besig. Die staat het volgens art. 71 geen reg om hom met kerklike tugsake te bemoei nie. Dit bevry die sondaar egter nie van die burgerlike regbank of straf van die owerheid nie. Omgekeerd bly, behalwe die burgerlike straf, die kerklike sensuur noodsaaklik om die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem. Arts. 79 en 80 druk uit dat 'n sonde vir die kerk skandelik kan wees sonder dat dit by die owerheid strafbaar is.<sup>3</sup> Oor kerklike tug oordeel die kerk buite die owerheid om en die kerk bemoei hom as sodanig nie met burgerlike misdade nie. 'n Misdad kan derhalwe 'n aanleiding tot kerklike tug uitmaak en tegelyk 'n strafbare misdad wees. Die kerk en die owerheid het hul eie verpligting daaromtrent, sonder dat die een hom met die ander se bevoegdheid mag inmeng.

Die provinsie Holland en ander provinsies het na 1619 die DKO nooit ingevoer nie. Die Hollandse KO van 1612 het 'n steen des aanstoets vir die kerke gebly en was deel van die Romeins-Hollandse

reg tot onberekenbare skade vir die kerklike lewe.<sup>4</sup> Die owerheid het in die stryd tussen die Coccejane en Voetiane party gekies vir die eerste en die kerk verbied om teen 'n onskriftuurlike verbondsleer op te tree.<sup>5</sup>

### 2.3. *Die Hollandse juriste.*

Die kerkhervormer Calvyn, van huis uit 'n juris, het 'n eie kerkreg vanuit die Skrif opgebou. Dit het 'n absolute karakter teenoor die owerheid. Die vroeëre Hollandse juristewêreld het dit egter nie aanvaar nie. Volgens hulle opvatting, wat die sterkste deur Hugo de Groot<sup>6</sup> vertolk is, word die verhouding van kerk en staat beheers deur die gemene reg, opgebou uit die Corpus Juris, veral die Codex en Novelle, die Kerkvaders, die ou vaderlandse praktyk volgens Franse voorbeeld en die beginsels wat in naburige state, veral Engeland, toegepas is.<sup>7</sup> Die Staatskerkorde van 1592 maak die reg van tug afhanklik van owerheidsorgane. Selfs indien dit om die suiwerheid van die leer van 'n kerkdienaar gaan mag die sinode wel oor die leer oordeel maar kan — by volharding van die leraar in sy dwaling — slegs met medewerking van die gedeputeerde van die owerheid afsnyding toeapas.<sup>8</sup>

Simon van Leeuwen bevestig dit.<sup>9</sup> Dit was die staatskerkreg in Holland, waarskynlik tot 1795. Tog roep dit ernstige twyfel op. Johannes van der Linden skryf in 1794:<sup>10</sup>

„ . . . de zuiver Kerkelijke zaaken, wanneer namelijk op de Leer, of het Leven van een Predikant, Ziekentrooster, of Lidmaat iets te zeggen of te berispen valt. — In deeze zaaken koomt het officie van den Weereldlijken Rechter niet te pas, ten zij het gebrek van executive macht bij den Kerkelijken Rechter zomwijlen vordert, dat aan den voortgang van eenige onbehoorlijkheid paal en perk gesteld werde. Als dan zijn er voorbeelden, dat de Hoven van Justitie Mandamenten Poenaal, of andere Provisien, in Kerkelijke Zaaken verleend hebben (Deductie en Bijlagen in de zaak van J. Spurde pag. 97, 100 en 101, gedrukt in 'sHage 1766) — De Politique Overheid is ook niet gewoon zig met deeze zaaken te bemoeijen, dan wanneer de Kerkelijke geschillen tot die hoogte beginnen te rijzen, dat ze van eenen schandelijken invloed op de openbaare rust wezen zouden. — Dog behalven deeze weinige gevallen is het een algemene stelregel: Kerkelijke zaaken moeten Kerkelijk behandelt en afgedaan worden . . . En behoord daaromtrent door den Kerkelijken Rechter gehandelt te worden overeenkomstig het voorschrift van de Kerkenordering, gestelt in het Nationaal Sijnode te Dordrecht, in dato 28 Mei 1619.”

Dit is merkwaardig dat in 'n boek oor Romeins-Hollandse prosesreg verwys word na die Nederlandse DKO.

Gerard Noodt, die beroemde Romanis van die Leidse Universiteit het ook sy besorgdheid omtrent staatsinmenging in kerklike sake vertolk. In sy rede<sup>11</sup> van 8 Februarie 1706 ter geleentheid van sy afrede as rektor, 'De Godsdienst vry van Heerschappye naar het recht der Volkeren, verdedig hy die stelling

„dat het gezach des Vorsten in burgerlijke zaken groot is en voortreffelijk: maer dat hij in den Godsdienst niet boven anderen moet geschat worden: en indien hy dezelve voorschrijft eenen regel, gestaeft met straffen tegen de ongehoorzamen; dat hy de handen slaet aen de Goddelijke regering, die hem niet toe-

behoort: en dat hy daer door niet alleen niets goets te weeg brengt, maer zelfs van dwingelandye niet kan ontschuldigt worden”.

Ulric Huber, 'n leidinggewende Friese juris, beskou egte sensuur en ekskommunikasie as suiwer kerklike sake. Hy sê.

„het is zeker dat de kerke deese dingen mag gebruyken gelijk gesegd is, ook in weerwille der overheden . . . de kerkelijke censuure, waervan meermalen is gesproken, als zuiver kerkelijk zijnde, word ook allenthalven in Vriesland aan de Kerken vrijgelaten, en de reede laet niet toe, dat deselve door civiele proceduuren soude worden belet, dewijl het saeken zijn van gantsch verscheyden natuure; zulks iemand kerkelijk weesende censuureerd, of onder censuure staende, deselve niet kan ontcoomen of uytstellen, met de saecken te brengen voor een politique vierschaer, ende schijnt geen reede te zijn, dat de censuure door politicque beveelen soude worden opgeschort; immers die niet, die in bijzondere kerken word geoeffent, want met die van Classen en Synooden zoud' het een ander aensien konnen hebben, omdat deselve niet conne vergadere, zonder dependentie van de politicque magt, waeronder de censuure van ieder kerke, gelijk meermaelen gesegd is, niet en staet.”<sup>12</sup>

Uit die slot van hierdie aanhaling blyk dat die vryheid van kerklike tugoefening deur Huber beskou word as 'n uitsondering op die reël dat die owerheid die reg het om alle sake van die kerk en kerkorde te reël. In hierdie opsig is hy 'n volgeling van De Groot.

C. van Bynkershoek, president van die Hoge Raad van Holland en Zeeland, het twee sake gerapporteer waarin die oordeel van staatsregbanke omtrent intern-kerklike sake gevra is<sup>13</sup>. Dit het geen betrekking op die Hollandse staatskerkorde vir die Gereformeerde kerke nie, sodat net die toepassing van die eie kerklike reëls getoets sou kon word.

Nog 'n saak betref mnr. Joshua Israel d'Antrade, lid van die Portugees-Joodse kerk in den Haag. Die ouderlinge het hom verbied om in die openbaar die ou testament te lees en ander seremonies te verrig. Eindelik is hy uit die sinagoge gewerp. Hy stel teen die Joodse ouderlinge 'n eis uit onregmatige daad in by die plaaslike Skepenbank. Dit word op 23 Sept. 1727 met veroordeling in die koste afgewys. Die meerderheid van die Hoge Raad oordeel in appèl op 8 Okt. 1727 dat die klaer selfs nie gehoor moet word nie, want dit sou skandelik wees, indien die Raad moes oordeel, of die klaer deel sou moet neem aan die joodse seremonies. Dit lê nie op die weg van die Raad om te oordeel of die ouderlinge sensuur tereg of nie uitgeoefen het nie. Tog egter, omdat die appellant beweer, dat hy uitgestoot is, mag die raadshere daarvoor inligting vra. In die komparisie het dit geblyk dat die appellant weens weerspanningheid uit die sinagoge gewerp is, sonder enige vorm van mishandeling. Daarom word die appèl op 22 Okt. 1727 van die hand gewys.<sup>14</sup>

Uit hierdie beslissings blyk heeltetal duidelik dat die Hoge Raad homself onbevoeg verklaar het om oor intern-kerklike tugsake te besluis en om dit te toets. In die eerste saak was dit vir die kerklike tug irrelevant dat die openbare aanklaer nie weens 'n misdad wou vervolg nie; in die tweede saak het uit die verskyning van partye geblyk dat die openbare orde nie op die spel was, want daar was geen sprake

van mishandeling, d.i. aanranding nie. Die kerklike vryheid van Remonstrante en Jode om sonder bemoeiing deur staatsregbanke oor hul eie sake te beslis, is volledig gehonoreer.

#### 2.4. *Die Bataafse Republiek.*

Na die inval van die Franse en die val van die Nederlandse Republiek besluit die vergadering van die provisionele representate van die volk van Holland op 13 Maart 1795 om geen gedeputeerdes<sup>17</sup> te benoem van die suid- en noordhollandse sinodes nie. Die kommissie had gestel dat die sinodes baie min nut vir die land het en te veel koste veroorsaak het, die laaste 5 jaar gemiddeld f11.00 per jaar. Volgens die verklaring van menseregte kan nie vir een godsdienstige gesindheid voorregte bo die ander toegestaan word nie. De lede van die hervormde genootskap moes geheel vrygelaat word in die hou van byeenkomste m.b.t. hulle kerklike en huishoudelike bestuur.<sup>18</sup> Die owerheidstoetsing op tughandelinge het daarom ook verval.

In die lig hiervan is dit verstaanbaar dat die juris Joannes van der Linden in 1806<sup>19</sup>, soberder as in 1794, as geldende reg vermeld:

„Zaaken, die zuiver kerkelijk zijn, moeten, naar den algemeenen regel, kerkelijk behandel worden, dat is, eerst bij den Kerkeraad, vervolgens bij de Classis, en eindelijk bij het Sijnode — De Wereldlijke Regter bemoeit zig daar mede nie, dan bij zoo verre het gebrek van executieve magt bij den Kerkelijken Regter zomwijlen vordert, dat aan den voortgang van eenige onbehoorlijkheid paal en perk gesteld worde — Ook de Politieke Magt bemoeit zig daar mede niet, ten waare de kerkelijke geschillen tot die hoogte beginnen te rijzen, dat ze van eenen schadelijken invloed op de openbaare rust wezen zouden; of dat dezelve betreffen de Kerkelijke Politie, in welke laatstgemelden het oppertoezicht weleer behoorde aan Gecommitteerde Raden, en thans aan den Secretaris van Staat voor de Binnelandsche Zaaken is opgedragen”.

Die rewolusie en die skeiding van die kerk en staat het die kerk uit die knellende bande van die staat bevry. Dit het weliswaar uit onbybelse humanisme voortgekom, maar het feitlik 'n terugkeer na die ideaal van 1571 en 1619 gebring. Die belangrike uitsondering was egter dat die kerkregtelike beginsel van onderlinge samewerking van kerklike en wêreldlike owerhede deur die staatsreg nie erken is nie. In die hedendaagse Nederlandse reg is die posisie nog dieselfde.

#### 2.5. *Die Kaap.*

##### 2.5.1. *Die Kerkordes van Batavië en die Kaap.*

Omtrent die vraag welke KO aan die Kaap sedert 1652 gegeld het, bestaan meningsverskil.<sup>20</sup> Om die verhouding van die staatsregbanke in verband met kerklike tug in die regte lig te stel, is hierdie saak van betekenis.

Reeds in 1642 het die owerheid bepaal dat in die gebiede van die OIK die Kerkorde van Nederland (dus nie van provinsie Holland nie) van toepassing sou wees<sup>21</sup>. Dit was die DKO wat deur of namens die Nederlandse owerheid goedgekeur was, al het die meeste provinsies dit nie ingevoer nie. Staatsregtelik val die Kaap in 1652 binne die Nederlandse Oos-Indiese oorsese gebied. Die privaatreg was die Romeinse en Hollandse reg. Die publiekereg is vasgestel deur of namens

die Nederlandse State-Generaal. Die godsdiens was destyds deel van die publiekereg.

In 1622 is die teks van die DKO na Indië gestuur. Hierdie DKO was egter ongeskik en te ingewikkeld vir die Indiese toestande. Daarom is 'n verkorte Indiese KO ontwerp, wat in beginsel met die DKO ooreenstem. Sonder om die goedkeuring van die Nederlandse sinodes af te wag, het die Goewerneur-Generaal (verteenwoordiger van die State-Generaal) die ontwerp KO van Batavia in 1624 voorlopig goedgekeur. In 1643 het sy opvolger Van Diemen 'n nuwe KO ingevoer vir die kerk van Batavia. Hierdie KO het die vryheid van die kerk ten opsigte van die staat baie ingeperk.<sup>22</sup> Die kerklike tug gaan oor lidmate maar oor ampsdraers voortaan slegs met toestemming van die politieke owerheid.<sup>23</sup> Hierdie KO het egter geen kerkverband in die lewe geroep met meerdere vergaderings as beroepsinstansies in tugsake nie.<sup>24</sup>

#### *Die Kerkorde aan die Kaap.*

In die kerklike praktyk aan die Kaap is 'n beroep gedoen op verskeie KO's. Die predikant en ouderlinge van Drakestein verwys in 1707 na die DKO, die Indiese KO's van 1624 en 1643, die vaderlandse KO, die Franse KO en selfs na die Hollandse KO van 1591.<sup>25</sup> In 1710 vra die Goewerneur-Generaal of in die Kaap die Nederlandse of Indiese KO geld. Die antwoord is die DKO.<sup>26</sup> In 1742 verwys die Kaapse predikante na die KO's van 1578 en 1581 en na die DKO<sup>27</sup>, weer in 1773 DKO<sup>28</sup>, 1792 na die DKO.<sup>29</sup> Daarom staan dit vir my vas, dat die Remonstrantse Hollandse KO van 1591 nooit vir die Kaap geld het nie. Volgens Nederlandse praktyk word nie net op die laaste KO nie, maar ook op vroeëre KO's 'n beroep gedoen. Indien 'n nuwe teks van 'n KO vasgestel is, het dit nie vroeëre KO's herroep nie, maar net gewysig, aangevul, moontlik met gedeeltelike herroeping daarvan. Dit was derhalwe heeltemal legitiem om hom op die oude KO's te beroep.<sup>30</sup> Dit is daarom aanneemlik dat die Indiese KO van 1643 aan die Kaap van toepassing was. Die DKO in sy volledige vorm kon in die Kaap nie toegepas word nie, want die Indiese KO en Kaapse situasie het geen meerdere vergadering geken nie.

By die bestudering van tugsake en emeritaatsreëlings aan die Kaap blyk dat die bepalinge van die Indiese KO van 1643 t.o.v. kerklike vergaderinge en van die Here XVII noudeset toegepas is. Die Politieke Raad het hom bemoei met tug oor kerklike ampsdraers<sup>32</sup> maar nie m.b.t. ander lidmate nie.

#### *2.5.2. Die tug.*

Die owerheidstoestemming m.b.t. tug oor ampsdraers berus nie op bewuste kolonialisme nie. Aan die Kaap was meer vryheid as in Holland onder die Remonstrantse KO van 1591. Die Politieke Raad het hom dikwels met kerklike sake besig gehou, maar die Raad van Justisie het hom slegs in uitsonderingsgevalle met kerklike tugsake bemoei, waarskynlik omdat anders as in Nederland, 'n beroep op meerdere vergaderinge nie moontlik was nie. Al kon in Oos-Indië elke drie jaar 'n kerklike vergadering van die gemeentes in Batavia gehou word,<sup>34</sup> stem die posisie met die Kaap ooreen. Van 1652-1804 is net een geval bekend, waarin die Raad van Justisie hom met die kerklike tug bemoei het.<sup>35</sup> Die feite was soos volg.

Die predikant van Swartland, ds. Gerardus Croeser, en twee ouderlinge Paul Retief en Sebastiaan Walters, het kerklike tug

toegepas op 'n meerderjarige lidmaat van die gemeente, Hendrina van der Westhuyzen, omdat sy meinede sou gepleeg het.<sup>36</sup> Sy word van onbetaamlike gedrag teenoor die kerkraad skuldig bevind, deur die Raad van Justisie berispe en boeet om 25 ryksdaalders aan die kerk van Swartland te betaal.

Ook uit die notuleboeke van die kerkraad blyk, dat die Raad van Justisie voormelde interlokutore uitspraak, (tussenvonnis) gegee het (egter nie dat die lidmaat gestraf is met 'n berisping en boete aan die kerk nie).

Op 18 Junie 1761 oordeel die Raad met die eindvonnis dat die predikant en die ouderlinge onbesonne gehandel het en in die volle kerkraad wat die gemeente verteenwoordig, berispe moet word (vgl. art. 81 DKO). Voorts moet die ekskommunikasie van lidmaat Hendrina van der Westhuyzen opgehef en sy weer tot die nagmaal toegelaat word. Die Raad van Justisie hef dus nie self die tug op nie en pas dit nie t.o.v. die predikant en ouderlinge toe nie. Dit moet in die kerkraadsvergadering deur die betrokke ampsdraers plaasvind voordat die kerklike status van die lidmaat verander.<sup>37</sup> Die Raad van Justisie het wel gedurende Augustus 1761 die kerkraad gekontroleer en die sekretaris van die Raad van Justisie, Christiaan Ludolf Neetling is op 17 Aug. tot sy vergadering toegelaat. Die vergadering sou die sekretaris later moet antwoord. Die kerkraad antwoord positief, maar korrigeer die Raad van Justisie. Hoewel ds. Croese die tug ten onregte uitgeoefen het, wou hy 'n meinedige lidmaat van die nagmaal weer en het die predikant die nagmaal nie ontheilig nie. Dit bly dus 'n suiwer kerklike aangeleentheid. Die kerkraad het die inmenging deur die Raad van Justisie afgekeur en die moed gehad om geen gevolg te gee aan die hofbevel om tug op die predikant toe te pas nie. Die besorgdheid oor die staatsinmenging blyk uit die brief wat die kerkraad aan die klassis Amsterdam gestuur het op 18 Februarie 1752. Daarin stel die kerkraad dat deur die afskaffing van die gekombineerde kerkvergadering daar geen ander weg vir die betrokke lidmaat opgestaan het as die beroep op die Raad van Justisie nie. Sodoende is die kerklike saak deur die staatsregbank beoordeel.

In terme van die huidige Suid-Afrikaanse reg dra hierdie beslissing nie die gesag van 'n presedent nie, omdat die Kaapse kerkorganisasie geen appèlmoontlikheid gebied het nie; die regters self tot die Gereformeerde Kerk behoort het; die verhouding van kerke en owerheid later verander het; die Romeins-Hollandse reg aan presedente nie die gesag van wet verleen nie tensy daar 'n reeks gelykluidende beslissing was.

### 2.5.3. *Die skeiding van kerk en staat.*

Die Kerkorde van De Mist wat in die Kaap in 1804 ingevoer is, het die leer van die skeiding van kerk en staat nie deurgevoer nie.<sup>38</sup> De Mist het probeer twee onmoontlike dinge in hierdie Kerkorde reg te kry. Aan die een kant wou hy Kerk en Staat van mekaar skei, en aan die ander kan het hy die Kerk heeltemal ondergeskik gemaak aan die Staat.<sup>39</sup> Dit is moontlik dat die laaste geheel en al ongrondwettig en ultra vires was.

Hierdie regsposisie is vergelykbaar met dié in Nederland waar, ondanks die grondwetlike skeiding van kerk en staat, die Koning



in 1816 'n reglement vir die Hervormde Kerk as 'n staatswet ingevoer het. Die Hoge Raad der Nederlanden het eers in 1881 beslis dat die Grondwet aan die Koning geen sodanige bevoegdheid gegee het nie slegs die parlement kon dit gedoen het.<sup>40</sup> De Mist het moontlik dieselfde vergryp begaan. De Mist het egter in die gees gehandel van die regeerders van die Bataafse Republiek, al was dit in stryd met die grondwetlike beginsel van die Staatsregeling van 1801, wat staat en kerk wou skei.<sup>41</sup>

Die skeiding van kerk en staat in Frankryk (1789) en 1795 in Nederland (1795) was die Engelse Regering 1806 vreemd. Nietemin kan gestel word dat die Britse regering kragtens die Kapitulasievoorwaardes van 1806<sup>42</sup> daardie skeiding as konstitusionele reg van die Kaap moes erken het. Lord Caledon sê egter in 1811: „I can never suffer the Ecclesiastical Establishment of this Colony to separate itself from the Government nor yield my right to control over it as over any other department”.<sup>43</sup> Die gereformeerde kerksake het daardeur — ongrondwettig — deel van die staatsorganisasie gebly. Die Kaapse wetgewers met ordonnansie 7 van 1843 en die Unieregering volgens wet 22 van 1961, het in regshistoriese perspektief ten onregte aangeneem dat die kerk onder die oppermag van die staat was en nie hul eie sake kon reël nie. Daarmee het die owerheid ook homself die reg toegeken om deur middel van die regbank diep in die interne aangeleenthede van die kerk in te gryp.<sup>44</sup>

Hierdie onjuiste opvatting oor die ondergeskiktheid van die kerk aan die staat is deur die Voortrekkers met hulle na die gebiede ten noorde van die Oranjerivier geneem.<sup>45</sup> Dit is egter verstaanbaar dat ds. D. Postma vanuit sy Nederlandse agtergrond teen hierdie opvatting geprotesteer het.<sup>46</sup> Die GKSA beoog in sy aanvaarding van die DKO die vryheid van die kerk waarin die gereformeerde kerkorganisasie in 1571 ontslaan het.

### 3. GEREFORMEERDE TEOLOË:

#### 3.1. *Calvyn.*

Die KO van Genève van 1541 noem as die vernaamste taak van die kerkraad die uitoefening van kerklike tug. Hy handel oor onjuiste geloofsinsigte, veragting van die Woord van God en van godsdiens en gebreke in lewensgedrag. Dit geskied deur vermaning, troos, berisping. Die uiterste middel is uitsluiting uit die gemeente. Die kerkraad het geen ander magsmiddel as die Woord van God nie, en geen burgerlike jurisdiksie, straf of dwingende mag nie. Die geestelike strafuitoefening is geheel onafhanklik naas die strafuitoefening van die burgerlike owerheid. Calvyn kon hierdie ideaal in Genève bereik.<sup>48</sup> In ander opsigte was die staat egter nog met die kerk vermeng.<sup>49</sup>

Bohatec<sup>50</sup> handel hieromtrent uitvoerig. Hy sê dat die wetgewende en regsprekende gesag (tug) van die kerk suiwer geestelik is, omdat dit op 'n geestelike grondwet berus.<sup>51</sup> Die geestelike karakter van die regsprekende aktiwiteit verskil radikaal van die afdwingbare staatsgesag en verwante tiranniese strafbevoegdheid van die roomskatolisme. Die staat hanteer *jus gladii*, terwyl die kerk nie fisieke dwang nie, maar die mag van die Woord van God hanteer.<sup>52</sup> Om wêreldlike jurisdiksie aan die geestelike funksies te verbind bots met die Woord van God en die leer van die oorspronklike kerk.<sup>53</sup>

Volgens Calvyn verskil die gesag van die kerk met dié van die

staat en van elke menslike samelewingsvorm omdat die geestelike grondwet van die kerk daarvan volstrek verskil. Wanneer Calvyn die Kerk naas die wêreldlike sosiëteit noem, vereenselwig hy nie die kerklike grondwet met die van ander verenigings nie, maar hy beklemtoon die noodsaak van 'n ordening vir die verskillende bestaan van albei.<sup>54</sup>

Terwyl die burgerlike gesag wil dwing, wil die kerklike gesag bewerk dat die sondaar deur vrywillige en bereidwillige aanvaarding van die straf en tugtiging tot berou kom.<sup>55</sup> Volgens Calvyn is die sleutelmag 'n geestelike gesag, omdat dit Woordgesag is en daarmee onafskeidelik samehang.<sup>56</sup> Soos die heilbringende leer van Christus die siel van die kerk is, so kan die kerklike tug met die senuwees vergelyk word, wat die regte samehang tussen die lede van die liggaam van die kerk uitmaak. Wie die tug in die kerk wil afskaf of verhinder, stuur af op die ineenstorting van die kerk. Die tug is as't ware 'n teuel waarmee die oortreder van die leer van Christus getem word, die prikkel waardeur die minder gewillige aangedryf word, die vaderlike raadgewings waarmee die wat diep geval het mild volgens die gees van Christus getugtig word.<sup>57</sup> Die tug is nie 'n regshandeling nie maar suiwer sielsorg. Calvyn benadruk dat die kerk met sy ekskommunikasie niemand tot vertwyfeling, maar in die tug oor sy lewe en sedes hom tot boete wil lei en hom daarna in sy gemeenskap wil opneem.<sup>58</sup>

Die doel van die kerklike tug is om die orde van die waardigheid van die kerk te handhaaf d.m.v. die afhouding van die heilige nagmaal.<sup>59</sup>

Die doelloorsaak is egter nie die oorsprong van die kerklike gesag nie (Matth. 18, 1 Tim. 5 : 20; Gal. 2 : 14; 1 Kor. 5 : 4).<sup>60</sup>

Die vereiste dat die kerklike gesag slegs in gemeenskap met die ander ouderlinge uitgeoefen moet word, beskerm teen despotiese ampsmisbruik.<sup>61</sup>

Die werklike verskil tussen wêreldlike en kerkreg is dat die kerk dwang verbied en dit uit die vryheid opbou. Dit berus op die wese van die kerk as 'n pneumatiese, geestelike organisme. Die heilige Gees werk in die kerk deur mense wat hy met besondere kenmerke toerus. Hy differensieer die ampte en bring hul tot eenheid; hy vorm hul langsamerhand tot 'n *societas fidelium*, 'n *societas corporis Christi*; 'n *societas Christi*. Daaruit word kerkreg gevorm, wat as Woord en Gees gekenmerk kan word.<sup>62</sup> Omdat dit in Christus deur sy Woord en Gees werk, is al die deur Hom gegewe kerklike ordeninge pneumaties. Daarom is die KO pneumaties en is die leer en regsprekende gesag ook pneumaties. Die ordeningsreg van die kerk is daarom geen wêreldlike reg nie, maar pneumaties ordeningsreg van die Woord en van die sielsorg; kortom die reël van die organies-pneumatiese wil in die kerk. Hiermee keer Calvyn terug na die gees van die Evangelie en van die oerchristendom.<sup>63</sup>

Calvyn gaan selfs so ver dat hy ook die geestelike karakter van die suiwer menslike kerkordes daardeur vashou. Hoewel die KO's menslike instellings is, is hul vir Calvyn tog goddelik, omdat hy hul as tasbare toepassings en uitdrukking van 'n geestelike, in die heilige Skrif aanwesige reël waardeur. Volgens Calvyn is die KO in werklikheid slegs 'n ontwikkelde, ontvoude aanvulling van die Evangelie.

Vir die uitwendige KO is daarom die goddelike Woord ten dele regstreeks en ten dele middellik beslissend.<sup>64</sup>

Dit is nie voldoende dat die gelowiges 'n uitwendige orde van die kerk bewaar nie. Hulle moet altyd die doel voor oog hou, naamlik die bevordering van die kennis van God deur die prediking van die Evangelie en die instandhouding van die lewende, innerlik gegronde, organiese eenheid. Kortom, hulle is middele om ons op die weg van die ewige lewe verder te bring.<sup>65</sup>

Die orde word met die oog op 'n hoër geestelike doel gevorm as dienende middele om die baan vir die Gees van God oop te maak sodat Christus voor oë gestel kan word. Kortom, hulle dien tot die uitbreiding van die ryk van Christus op aarde. Reeds daarom is hulle, hoewel menslik, tog tegelyk goddelik, omdat dit aan die Skrif gemeet is en op sy voorskrifte gegrond is al word by die formulering daarvan die denkmiddele van die gemene reg gebruik.<sup>66</sup> Reg en kerk staan nie in teenspraak nie, want die innerlike wese van die kerkreg en die kerk is geestelik.<sup>67</sup>

### 3.2. *Die skrywers tydens die Republiek.*

Die Remonstrante en Kontraremonstrante, Vedelius en Maccovius het beweer dat daar beroep teen 'n kerklike uitspraak op die owerheid gedoen kan word. In Friesland het 'n afgesette predikant hom op die provinsiale regering beroep. Die deputeate van die sinode het hulle skriftelik daarteen verset wat volgens Maccovius maar in die openbaar verbrand kon word. Vedelius en Maccovius grond die beweerde reg van die owerheid op Hand. 25 : 11 en Rom. 13. Die owerheid het twee take en dus die reg om die inwendige sake van die kerk te bestuur.

In hierdie stryd is aan die telogiese fakulteite van Leiden, Utrecht en Groningen advies gevra. Hul het eenparig die opvatting van Vedelius en Maccovius in die sterkste bewoordinge veroordeel. Trigland, Revius en veral G. Voet het o.a. opgemerk dat dit onder die nuwe verbond die owerheid nie toekom om aan die kerk wette voor te skryf nie, Hand. 25 : 11 handel nie oor 'n Christelike nie maar oor 'n heidense owerheid en nie oor kerklike ekskommunikasie nie, maar oor 'n doodvonnis wat die keiser of die prefek moet uitvoer.<sup>68</sup>

*Voetius.*

Gisbert Voet<sup>69</sup> onderskei in die literatuur i.v.m. die Remonstrantse twiste die geskiedenis tot 1619, van 1619 tot 1628 en die tydperk daarna, toe die Remonstrante na die dood van Prins Maurits weer politieke invloed gekry het. Volgens hom moet die bevoegdheid van die owerheid circa sacra nie uit die gewoonte of geskiedenis nie, maar uit die Woord van God, die goddelike reg, afgelei word, al was hy op die Dordtse sinode van 1618-1619 teenwoordig. Die kerk mag van politieke regte gebruik maak, soos Paulus hom op die keiser beroep het (Hand. 24). Laere owerhede mag ook beskerming teen hoër owerhede vra. Sodoende het die regeerders van Holland en Seeland aan die begin van die 80-jarige oorlog die uitoefening van die gereformeerde religie toegestaan.

Voet erken (1.) dat die kerk in die staat en nie teen die staat is nie; (2.) dat die kerk en sy lidmate aan die staat m.b.t. goedere en liggame onderworpe is; (3.) dat dieselfde vir kerklike persone wat heilige dienste verrig, geld.

Hy stel verder dat die staat (1.) die hoogste en outokratiese ge-

sag het oor al sy onderdane; (2.) in die besonder dwingende en hoogste gesag oor kerklike persone m.b.t. tydelike, uiterlike, menslike en natuurlike of burgerlike sake en goedere het; (3.) dat die owerheid as sodanig openbare geregtelike gesag oor kerklike handeling en transaksies het. Hierdie oordeel is volgens en nie voorafgaand nie, want die owerhede is geen leiers in die kerk nie. Die owerhede mag nie in laaste instansie beslis of 'n leerstelling waar is en of dit kerklik is nie, maar hy moet dit met publieke gesag wil beskerm en uitvoer.

Voet konkludeer dat die owerheid wat van staatsweë die godsdiens goedkeur en beskerm, die gesag het om (1.) oor sy sake volgens sy gewete uit die Woord van God te oordeel; (2.) met 'n politieke en nie-kerklike oordeel die waarheid te bevestig, te verdedig en toe te laat; (3.) voor of na 'n kerklike handeling belemmeringe vir vrye uitoefening van die godsdiens weg te neem; (4.) besluite van kerke en kerklike persone te sanksioneer deur hulle afdwingbaar te maak.<sup>70</sup>

Die werklike verskille tussen kerklike en wêreldlike gesag grond hy op 2 Kron. 19 : 11, Joh. 18 : 36, 2 Kor. 10 : 3, 2 Kor. 1 : 24, 1 Petr. 5 : 3, Luk. 22 : 25, 1 Kor. 3 : 5, Rom. 13 : 1, 4. (1.) Die kerk hou hom besig met die dinge van God, die innerlike geestelike mens en die staat met die aardse, die uitwendige mens en hoogste staatkundige goed. (2.) Die kerklike gesag kom van God as Verlosser of Christus as Middelaar terwyl die wêreldlike gesag van God en van Christus wat as Heer alle dinge onderhou en bestuur kom (Hebr. 1 : 3). (3.) Die kerk behoort tot die besondere ryk van genade terwyl die staat tot die algemene ryk van die natuur behoort. (4.) Die kerk is laer en suiwer dienend t.o.v. mense en God; die owerheid is hoër as die mense en met mag. (5.) Die Kerk is geestelik in sy doel en manier van doen, biddend en getuiend in en omtrent die gewetens (2 Kor. 4 : 2 en 5 : 20); die staat se gesag is uiterlik, liggaamlik, dwingend. (6.) Die kerklike gesag in sy verskeie vorme, handeling, voorwaardes, standpunte rus op goddelike positiewe reg (Ef. 4 : 11); die staatsgesag is menslike reg in sover die goddelike reg dit toelaat (1 Petr. 2 : 13) bv. t.o.v. 'n monargie, aristokrasie, verkiesing, suksessie. Hertog, graaf, koning, konsul ens.

Die gesag van die een kan nie die gesag van die ander insluit of tot gevolg hê of daarmee bots nie. Naas Christus kan daar nie nog 'n ander hoof van die kerk wees nie. Alle mag tot opbou van die ryk van Christus en die saligheid van mense berus uitsluitlik by die kerk. Die owerheid het geen gesag oor die inwendige kerklike lewe nie.

Die owerheid het volgens Goddelike reg geen bevoegdheid om sinodebesluite te verhinder of die sinode te ontbind nie.<sup>71</sup> Net as die sinode hom met politieke vrae besig hou of die grondslae van die staat benadeel mag die owerheid ingryp.<sup>72</sup> Sinodebesluite het publieke kerklike gesag al het die owerheid dit nie bevestig nie.

Die owerheid moet hom t.o.v. die kerklike tug gedra soos t.o.v. die kerklike orderingsbevoegdheid. Apollonius sê dat die owerheid hom nie tot regter in tugsake mag opwerp nie. Dit is dus 'n misdad daad wanneer die owerheid probeer om hom kerklike bevoegdheid aan te matig, veral wanneer kerklike ampsdraers hul teen kerklike sensuur verzet. Die kerklike sleutelmag moet vry bly van onderwerping aan die politieke gesag.<sup>73</sup> Wanneer die owerheid b.v. diefstal

straf, maak dit nie kerklike tug oorbodig nie, omdat die kerk nie 'n versamelplek van diene en rowers mag word nie.

Voet bewys voorts dat die owerheid hom nie eers gedeeltelik mag inmeng in kerklike sake nie (2 Kor. 10 : 4,6,8, en 13 : 10, Rom. 12 : 8, 1 Kor. 12 : 28).

Selfs indien kerk en owerheid kollateraal sou optree — wat Voet ontken — volg daaruit nie dat hul dieselfde soort gesag, (hoër en heersend of laer en dienend) m.b.t. die sleutelmag van die hemele sou uitoefen nie, selfs nie eers as die owerheid 'n Christen of Christelik is nie. Voet bestry die moontlikheid om Christendom en wêreldlike gesag te vermeng. Die owerheid kan as owerheid geen deel aan die kerklike tug hê nie, want dan sou hierdie reg ook die nie-Christelike en nie-Christen owerheid toekom. Samevoeging vorm nie 'n nuwe gesagsklasse op sigself nie (*Non possunt fundare effectum formalem seu apotelesma per se unum*). bv. indien 'n man konsul en vader is, het hy geen konsulêre mag as konsul-vader of as vader-konsul nie. Hierdie kombinasie is per accidens, toevallig. Wat geen kerk is, het geen inwendige kerklike gesag nie. Die owerheid is geen kerk nie. Die Skrif gee net aan die kerk tugreg (Matth. 18 : 15). *Ad exteriorem autem illam Potestatem Magistratus non pertinere . . . Censurarum Ecclesiasticarum Judicium et exercitium . . . receptionem hominum in communionem Ecclesiae et ad usum coenae*. (Die owerheid kan die kerklike tug in sy oordeel en uitoefening sosome die toelating van mense tot de kerk en die gebruik van die nagmaal nie tot sy uitwendige gesag uitbrei nie).

Ek voeg aan Gisbert Voet nog toe: Die gereformeerde kerk en kerkverband is *sui juris* en word bepaal deur die geestelike doel vir die eer van God, wat nie van hierdie wêreld is nie. Die gereformeerde kerkreg is anti-kollegialisties, anti-formalisties, anti-legalisties en anti-wettisties. Sy grondslag is die goddelike reg, nie die natuurreg, die gemene wêreldlike reg en die sogenaamde natuurlike geregtigheid nie.<sup>74</sup>

#### 4. DIE NEDERLANDSE REG:

Die Wet van 1853 verleen aan alle kerkgenootskappe volkome vryheid, ook om hulle godsdiens en die interne uitoefening daarvan te reël. Die Koning (die uitvoerende gesag) waak dat die kerkgenootskappe hul hou binne die grense van gehoorsaamheid aan die wette van die staat.

Die Verdrag van Rome van 1950 (art. 9) stel tot beskerming van die regte van die mens en die fundamentele vryheid (sedert 1956 afdwingbaar) die reg op vryheid van godsdiens en om van godsdiens te verander, asook om alleen of saam met ander persone in die openbaar en in sy private lewe sy godsdiens te bely deur erediens, onderwys, praktiese toepassing en onderhouding van gebooue en voorskrifte. Beperking hiervan is net moontlik deur 'n wet en so 'n beperking moet in 'n demokratiese samelewing nodig wees vir die openbare orde, gesondheid of sedelikheid of die beskerming van die regte en vryhede van ander persone.<sup>75</sup> Hierdie vryheid geld in ieder geval vir handeling wat volgens hulle aard in enigerlei vorm aan godsdiens uitdrukking gee.<sup>76</sup>

Sedert 1976 bepaal die Burgerlik Wetboek dat kerkgenootskappe geregeer word deur hul eie statute, vir sover dit nie in stryd met die wet is nie. Hierdie bepaling het slegs die bestaande regstoestand op-

nuut bevestig.<sup>77</sup> Volgens die opvatting van staatsregtelike skeiding tussen kerk en staat kan die status van die kerke, nog die kerkreg, deel uitmaak van die publiekereg of privaatrek. Hierdie status is *sui juris*.<sup>78</sup>

Tydens die 1976-wetgewing het die parlement die vraag bespreek of 'n kerkgenootskap as 'n vereniging beskou moet word. 'n Humanistiese politieke party wou dit bevestigend beantwoord en in die wet vaslê. Die bedoeling was om staatsregbanke te magtig om te toets of kerklike besluite geldig of in stryd met die wet, 'n kerklike status of goeie trou is. Die oorgrote meerderheid uit protestantse, roomse en arbeiderspartye het die voorstel verhinder.<sup>79</sup> Daardeur is die reeds lank bestaande vaste regspraak van die Hoge Raad gehandhaaf, nl. dat die Wet op Vereniginge en Vergaderinge van 1855 nie op kerke van toepassing is nie. Die bedoeling van die wetgewer dat 'n kerk geen vereniging is nie, staan dus buite alle twyfel. Dit verhinder origens nie dat 'n kerklike organisasie in sommige opsigte elemente van verenigingsreg kan hê nie.<sup>80</sup>

Die Hoge Raad as hoogste regterlike kollege erken dat kerkreg 'n regsgebied *sui generis* is, al kan daaruit ook verbintnisse voortvloei wat volgens die privaatrek afdwingbaar is.<sup>81</sup>

Die tot 'n kerkgenootskap verenigde persone is onderling verbonde deur 'n tweeledige, onsplitsbare band: 'n godsdienstige of ideële en tegelyk 'n wêreldlike of materiële, wat aan kenmerke van die burgerlike reg beantwoord. Elke kerkgenootskap het tot bereiking van sy geestelike doel stoflike goedere nodig. Dit bring op hulle wat by die kerkgenootskap aangesluit het die verpligting om na vermoë in hierdie behoefte te voorsien. Dit is 'n sedelike verpligting wat dringend nagekom moet word. Dit kom die kerk toe, hoewel dit regtens nie afgedwing kan word nie.<sup>82</sup> Die staatsregbanke is derhalwe nie in staat om die betaling van kerklike bydraes af te dwing nie, omdat dit 'n sedelike verpligting is. Hoeveel minder reg het die regbank dan nie om hul te bemoei met suiwer geestelike sake soos sakramente en tug?

Die verhouding tussen 'n gemeente en sy predikant is van dieselfde aard. Indien dit so is, dan behoort 'n eis tot betaling van agterstallige traktement ewemin deur 'n staatsregbank afdwingbaar te wees<sup>83</sup>, tensy dit tussen die gemeente en die predikant ooreengekom is. Die Haagse Geregshof<sup>84</sup> het 'n salarisvordering van 'n predikant afgewys omdat hy die kerklike beroepsmoontlikhede nog nie uitgeput het nie.

Die staatsregbanke het hul in die verlede wel besig gehou met die vraag of tughandelinge geldig was weens foutiewe inhoud of oor die wyse van totstandkoming.<sup>85</sup> In al hierdie gevalle het die regstryd egter nie gegaan om hulp van die regbank te verkry om die tughandeling nietig te verklaar nie, maar die wettigheid of onwettigheid van die tughandeling was van beslissende betekenis om te bepaal watter party na 'n skeuring in die gemeente die eiendoms- of besitreg van kerklike goedere het. Om daardie rede is dit verdedigbaar dat die staatsregbanke ingryp. Eiendomsregte raak nie net die betrokke partye nie, maar ook derde persone. Dit is dus 'n saak van openbare belang in die sfeer van die staat. In Nederlandse regsgeskiedenis kon ek geen saak vind waar 'n staatsregbank beveel het om 'n lidmaat weer tot die nagmaal of 'n predikant weer tot die kansel toe te

laat nie. Dit stem ooreen met wat van die regbanke van 'n godsdienstig-neutrale staat verwag kan word. Selfs in eiendomsgesille word volgens die nuutste regspraak nie die twis in die kerkraad of gemeente beslissend geag nie, maar die gedraginge van die partye van die tydstop af dat hul mekaar nie langer meer as lede van dieselfde gemeente beskou nie.<sup>66</sup>

'n Onjuiste tuguitoefening is, vir sover ek kon nagaan, tereg nooit deur die betrokke aangegryp om teen die gemeente of sy ampsdraers 'n aksie weens naamskending te begin nie. Van 'n Nie-Christelike regter kan nie gevra word om hom met kerklike tug in te laat nie. Hy sou in die verleiding kom om die harde woorde van die profete — kyk Amos 4 : 1 en Hand 13 : 10 — wat hul tot beswil van betrokkenes gespreek het, as laster te beskou.<sup>67</sup>

## 5. DIE REG VAN DIE BONDSREPUBLICHEID DUITSLAND:

Die godsdienst- en kerklike vryheid is in die Grondwet van 1949 verskans. Die hoogste konstitusionele hof het op 17 Februarie 1965 daaromtrent 'n uitspraak gegee,<sup>68</sup> wat deur die andere howe gevolg word.

Die feite was soos volg:

Die kerkleiding van 'n evangeliese gemeente in Hessen en Nassau besluit op 4 Maart 1963 tot afstigting. Die kerklike vergaderings wys besware wat ingedien is van die hand. Die beswaardes stel in hul beroep op 'n staatsregbank, dat kerkregtelik vir die afstigting die toestemming van die gemeentelede vereis was en dit het ontbreek. Die vermoënsregtelike gevolge van die afstigting sou die voortbestaan van die gemeente in gevaar bring.

Die genoemde hof verduidelik die grondwetlike posisie soos volg:

(1.) Die grondwet ken geen staatskerk nie. Iedere godsdienstige gemeenskap reël en bestuur sy aangeleenthede selfstandig binne die perke van die algemene wet. Hy verleen ampte sonder medewerking van die staat of die plaaslike bestuur. Daardeer erken die staat die kerke as institute met die reg van selfbeskikking, wat volgens hulle wese onafhanklik van die staat is en hulle gesag kan ook nie van die staat afgelei word nie. Die gevolg daarvan is dat die staat in hulle interne verhoudinge nie mag ingryp nie. Hierdie selfstandigheid van die kerke word nie bevraagteken deur hul karakter as publiek-regtelike regspersone nie. Gelet op die godsdienstige en kessionele neutraliteit van die staat volgens die grondwet beteken hierdie regsposisie van die kerke geen gelykstelling met ander publiekregtelike liggame, wat organies in die staat gerangskikte verbande is nie, maar slegs die erkenning van 'n publieke status wat hulle weliswaar verhef bo die godsdienstige gemeenskappe van die staatsreg, maar hulle nie onderwerp aan staatsgesag of verhoogde staatstoestig nie. Kerklike gesag is wel publieke maar geen staatsgesag nie. Slegs vir sover die kerke bevoegdhede uitoefen wat deur die staat verleen is of sy maatreëls die kerklike grense oorskry of in die sfeer van die staat binne tree, oefen die kerke onregstreeks ook staatsgesag uit met die gevolg dat hulle selfbeskikking vir die betrokke saak beperk word. In hierdie verband kan dit in die midde gelaat word of en in hoeverre die grondregte die selfbeskikking van die kerke in hulle verhouding tot die afsonderlike gelowiges kan beïnvloed. (2.) Die vraag of 'n kerklike maatreël intern-kerklik is of die sfeer van die staat raak, word besliss ingeval daarvoor geen ooreenkoms tussen staat en kerk bestaan

nie — deur wat materieel, volgens die natuur van die saak of die bedoeling van die verhouding as 'n eie kerklike aangeleentheid beskou moet word. In suiwer intern-kerklike sake het die staat geen bevoegdheid nie, want dit sou die kerklike vryheid inperk. Die kerke is daarom nie aan die algemene staatswet gebonde nie. (3.) Die verdelingsbesluit in verband met die afstigting is 'n intern-kerklike saak, want dit betref volgens die kerkorde die organisasie van die kerk, waarvan beoordeling aan die staatsregbanke onttrek is. Die mededelingsplig van vorming en verandering van kerklike gemeentes aan die landsminister is geen grond vir die staat om hom met die reëling te bemoei nie; bowendien berus hierdie plig op 'n vrywillige afspraak tussen kerk en staat. (4.) Die staatsregbanke is daarom onbevoeg om van hierdie geskil kennis te neem.

In 'n ander saak is die beginsel van die hoogste hof op die geestelike karakter van die kerklike ampte toegepas.

'n Vroulike predikant was van 1939 tot 1940 in 'n plaaslike gemeente werksaam. Sy vra aan 'n administratiewe regbank om vas te stel dat sy nog in diens van die kerk is en om die kerk te veroordeel om haar traktement met moratore rente met terugwerking tot 1 Junie 1940 te betaal. In hoër beroep bevestig die regbank die afwysende beslissing van die eerste hof. Die redes vir die beslissing is:

Die eis betref nie net 'n versoek om vas te stel of daar 'n diensverhouding is nie, maar of sy nog 'n geestelike amp beklee. Die staatsregbanke is onbevoeg om dit vas te stel, want volgens die grondwet verleen godsdiensstige gemeenskappe, dus ook kerke, hul ampte sonder medewerking van die staat of die burgerlike gemeente. Die hoogste konstitusionele en die hoogste administratiewe hof het reeds beslis dat die staat nie in die interne kerklike verhoudings mag ingryp nie. 'n Skeiding tussen 'n geestelike ampsverhouding en 'n arbeidsregtelike diensverhouding bied geen oplossing nie. Ook as die eis in 'n vermoënsregtelike gewaad geklee is, beslis tog die ware natuur daarvan, te wete of die eisers nog 'n geestelike amp beklee.<sup>89</sup>

In die regsletteratuur is die opvatting van die hoogste hof gekritiseer.<sup>90</sup> Nogtans bestaan daar 'n *communis opinio* dat staatsregbanke hul nie met suiwer kerklike sake mag bemoei nie. Aan 'n bekende handboek<sup>91</sup> ontleen ek die volgende:

„Die vraag in hoever kerklike maatreëls aan kontrole deur die staatsregbanke onderworpe is, het na die Tweede Wêreldoorlog 'n veel bespreekte probleem geword. Enersyds is die kerklike selfstandigheid versterk. Dit word vandag algemeen aanvaar dat die kerke, nie soos ander publiekregtelike persone aan staats toesig onderworpe is nie, ofskoon die wet hulle as publiekregtelike persone klassifiseer. Die beginsel van die kerklike selfstandigheid voer vandag tot die uiterste konsekwensie van vrystelling van kerke aan enige vorm van jurisdiksie van staatsregbanke . . . Andersyds verlang die skerper benadrukte beginsel van die regstaat 'n verder uitgebreide jurisdiksie van die staat in kerklike sake. In laaste konsekwensie sou dit beteken opheffing van alle vrystelling van die jurisdiksie van staatsregbanke. Die dilemma is derhalwe om die selfstandigheid van die kerke te waarborg en om tegelyk die beskerming van die regstaat te kan afdwing: Aan albei beginsels kan nie tegelyk reg gedoen word nie, maar



daartussen moet 'n afweging van belange plaas vind. Die teenwoordige regspraak van die staatsregbanke neig sterk daartoe om die kerklike selfstandigheid te reken en die regsbeskerming deur die staat agterna te laat kom. Dit geld in die besonder die posisie van kerklike ampsdraers.<sup>92</sup> . . ." „Grondwetlik is die gevolgtrekking dat die kerke geheel en al vry van staatsinmenging deur staatsregbanke is. In die algemeen is die regstaat egter verplig om geskille tussen burgers en/of regs persone te beslis. Die staat en die kerk staan nie soos 'n 'dyargie' (dubbelheerskappy, regering van twee vorste op dieselfde troon) langs mekaar nie. In gevalle waarin dit nie net om intern-kerklike vrae gaan nie, maar ook om regte en verpligtinge van staatsburgers in die wêreldlike sfeer, behoort die staatsregbanke jurisdiksie te hê. Dit is dus nie in die geval van byvoorbeeld die reg om te laat doop en toelating tot die gebruik van die sakramente nie. Hier gaan dit om die mens net in religieuse sin. As die kerk 'n gewetensbeslissing gee, is selfs 'n deur 'n staatsregbank afgedwonge uitspraak waardeloos: As iemand byvoorbeeld reg het om kerklik in die huwelik te tree en hierdie reg afgedwing moet word deur 'n staatsregbank, sal dit aan die eiser tog geen voldoening gee nie. Die staatsregbanke is onbevoeg om te oordeel oor die kerklike leer, die weiering van kerklike verrigtinge en die sakramentsbediening. Hul is bevoegd in vermoënsregtelike sake soos kontrakte, serwitute op kerklike goedere, skending van persoonlikheidsregte soos eerkrenking. Volgens die opvatting van die hoogste konstitusionele hof is organisatoriese kwessies vry van die jurisdiksie van staatsregbanke; regmatigheid of onregmatigheid maak hulle nie bevoegd nie."<sup>93</sup>

Ondanks hierdie, origens milde, kritiek geld die opvatting van die hoogste konstitusionele hof. Dit kom meer met die leer van Voet ooreen, wat in Wes-Duitsland onbekend skyn te wees.

In 'n ander handboek<sup>94</sup> word ook erken dat die diensverhouding van kerklike ampsdraers 'einheitlich' is, dus een geheel vorm en nie gesplits kan word in 'n geestelike en 'n wêreldlike verhouding nie. Die hoogste siviele hof het dit bevestig.<sup>95</sup> In die praktyk het die terugtog van die staat uit die regspraak oor die regsverhouding van kerklike ampsdraers nie tot moeilikhede gelei nie. Die kerke het hul eie regspraak met bevredigend resultaat uitgeoefen. Die kerklike tugreg verdra geen inmenging van staatsregbanke nie. Dit gaan dikwels om vrae van kerklike leer of sedelike gedrag waaroor staatsregbanke nouliks kan oordeel.<sup>96</sup>

## 6. DIE ROOMSE BESKOUING:

Die Roomse kerk beskou sy jurisdiksie as die uitsluitlike. Be-roep op wêreldlike gesag en regbanke teen die uitoefening van kerklike gesag en beslissings word met kerklike strawwe bedreig.<sup>97</sup>

## 7. DIE SUID-AFRIKAANSE REGSPRAKTYK:

Die RSA ken geen staatskerk nie. Die Suid-Afrikaanse reg gee egter wel voorkeur aan Christelike beginsels.<sup>98</sup> Die voorrede tot en art. 2 van die Grondwet van 1961 erken wel die oppergesag en leiding van die Almagtige God,<sup>99</sup> maar dit bevat geen geskrewe reg omtrent godsdiensvryheid of die verhouding tussen kerk en owerheid nie.

Die staatsregbanke erken ongelukkig nie die skeiding van kerk

en staat in die sin dat hulle onbevoeg is om hulle met kerklike tug-sake te bemoei nie. Die rede daarvoor mag wees dat hulle die kerk as 'n vrywillige vereniging beskou<sup>100</sup> en voorts dat presedente bindend is.<sup>101</sup>

Een van die mees aanvegbare presedente is die saak van Kotzé versus Murray as moderator van die NGK, Supreme Court of the Cape of Good Hope, Juta 1902 bl. 39 ev. Dit is nodig om hierop ietwat uitvoeriger in te gaan en dit te toets aan die klassieke gereformeerde kerkreg en die DKO, hoewel dit formaliter in *causu* nie gegeld het nie.

In sy beslissing van 2 September 1864 het dit gegaan om die vraag of die skorsing van die predikant geldig was en of hy weer op die kansel toegelaat moes word. Op die sinode van 19 November 1862 het die predikant openlik verklaar dat hy antwoord 60 van die Kategismus verkeerd ag, want volgens hom is nog 'n Christen nog 'n heiden te alle tye geneig tot alle kwaad. Toe hy na elf maande die verklaring nie wou herroep nie, is hy op 21 Oktober 1863 geskors.

Volgens die ondertekeningformulier, soos vasgestel deur die sinode van Dordrecht in 1619<sup>102</sup> en art 53 DKO, mag 'n predikant wat beswaar teen die belydenis het, dit nie openlik of in die geheim bekend maak, of verdedig nie, maar moet hy daarvoor deur die kerklike vergaderings ondersoek word en altyd gewillig wees om hom daaraan te onderwerp 'op pene dat wij hyer teghen doende ipso facto<sup>103</sup> van onzen dienst zullen zijn gesuspendeert'. 'n Formele skorsing deur 'n kerklike vergadering is dus nie nodig nie en die vergadering kan net konstateer dat die predikant deur die oortreding self klaar uit sy amp geskors is. Daar bestaan geen voorskrif in die gereformeerde kerkreg dat in so 'n geval die betrokke, wat *in casu* tenminste elf maande in sy verkeerde houding volhard het, nog formeel verhoor moet word nie. Die teenoorgestelde opvatting is deur Hugo de Groot verdedig.<sup>104</sup> Dit maak van die kerk 'n debatsvereniging in plaas van 'n geloofsgemeenskap as 'n 'pilaar en vastigheid der waarheid'.

Die hofbeslissing het die laaste weg opgegaan en daarmee die kerk as geloofsgemeenskap ondermyn. Die redes daarvoor was na bewering:

(1.) Die predikant is deur die sinode beroof van sy vryheid om te debatteer. Hierdie argument misken die aard van die binding aan die ondertekeningformulier, waarop die kerk hom beroep het, wat die bewyslas vir 'n gravamen op die beswaarde lê en wat intussen die predikant verhinder om sy gevoele te propageer. (2.) Die burgerlike regte van die predikant is geskend. Dit misken dat die predikant 'n suiwer geestelik amp het. (3.) Die sinode het nie aan die predikant reg gedoen sowel in die vorm van die handeling as wat die meriete betref volgens algemene (wêreldlike) regsbeginsel en daar was geen behoorlike verhoor nie. Dit misken dat die gereformeerde kerkreg nie formalisties is nie, dat die meriete suiwer geestelik was, dat die predikant deur sy oortreding van sy belofte homself geskors het en formaliter 'n verhoor dus oorbodig was.

(4.) Die kerk is 'n 'voluntary association'. Hierdie bewering (wat ongelukkig ook deur die advokaat van die kerk gemaak is), laat die lidmaatskap van die kerk domineer oor die deelhê aan die geloof in Christus in stryd met die Apostoliese Geloofsbelydenis en antwoord 54 van die Kategismus, wat die uitverkiesing tot die ewige

lewe vooropstel en as gevolg daarvan, *aksesoor*, 'n ewige lidmaatskap van die kerk nie net hier op aarde nie, maar ook in die hemel.

5.) Een regter het hom op Simon van Leeuwen Rooms-Hollands Regt. 1.11.5 beroep, wat handel oor die Hollandse KO, en dit was nooit in die Kaap van toepassing nie. (6.) 'n Uitgawe van die Kategismus van Voet en De Wit stel dat die kategismus nie gelyk is aan die Woord van God nie en dus feilbaar is. Daarom moes die sinode 'n bespreking toegelaat het. Dit misken die juiste bedoeling van art. 7 NGB oor kerklike belydenisse as menslike geskrifte en veral die geloofskarakter daarvan soos in die eerste woorde van die NGB 'Ons glo almal met die hart en bely met die mond' uitgedruk, Die DKO bepaal bowendien in art 68: „De Dienaars zullen . . . de somma der Christelijke leer, in den Catechismus, die tegenwoordig in de Nederlandsche Kerken aangenomen is, vervat, kortelijk uitleggen” Dit is iets anders as die reg om daaroor te mag debatteer.

(7.) Hoe ingrypend 'n skorsing ook mag wees, dit het 'n tydelik karakter en is 'n voorlopige maatreël. By die beslissing omtrent afsetting van 'n predikant word die oordeel van die klassis en advies van sinodale deputate voorgeskryf. Dan bestaan nog ruimskoots geleentheid vir hom om sy saak te stel en gehoor te word.

Hierdie foutiewe beslissing, 'n tipiese voorbeeld van remonstrantse caesaropapie, het in sekere opsigte as 'n „leading case in the precedentsystem” krag van wet in die Angelsaksiesgesinde Suid-Afrikaanse regstoepassing. Dit bly dus 'n gevaar vir die kerklike vryheid, solank dit nie deur die hoogste regters herroep of deur 'n parlamentswet afgeskaf word nie.

Die ander sake, wat hierop voortbou, is te talryk om hier te behandel. Ek volstaan daarom met 'n oorsig.<sup>105</sup>

Die howe oordeel verskillend oor die vraag of sensuur, wat toegang tot die nagmaal versper, bloot 'n geestelike tugmiddel is en of dit privaatregtelik konsekwensie inhou.<sup>106</sup>

#### *Verskillende hofbevindinge.*

Die howe het geoordeel

- dat tug 'n oortreding volgens die kerkwet moet wees<sup>107</sup>;
- dat tug in laster kan ontaard<sup>108</sup>;
- dat afhouding tot die nagmaal suiwer geestelik is en dus nie 'n delik is nie<sup>109</sup>;
- dat tug van 'n getroude man wat hom misdra het met 'n meisie in sy diens sy reputasie aantas en hy daardeur finansiële skade kan ly<sup>110</sup>;
- dat die verlies van die diakenamp die verlies van 'n getugtigde se burgerlike reg beteken, aangesien sy sittingsreg op 'n beheerende liggaam daarmee verbeur word<sup>111</sup>;
- dat die maatstaf en aard van regterlike beoordeling van belang is vir die bevoegdheid van die burgerlike hof. Die hof staan oop vir alle persone, liggame en verenigings<sup>112</sup>;
- dat hulle mag oordeel of tug in ooreenstemming met die KO, bepalinge en reglemente is of in stryd met die natuurlike geregtigheid<sup>113</sup>;
- dat die regter die kerkleer, soos in die belydenis vervat, nie mag beoordeel of interpreteer nie<sup>114</sup>;
- dat hulle mag beslis of die ampsdraers hulle diskresie uitge-

oefen het, maar nie hoe nie<sup>115</sup> en dat geregtelike hersiening dus toelaatbaar is<sup>116</sup>;

- dat die regsbelang in geval van tug benadeling is, skade deur vermoëns verlies en lewensonderhoud; finansiële verlies in die besigheid van die getugtigde; aantasting van persoonlikheidsreg byvoorbeeld van status en reputasie, goeie naam, aanbiddingsgeleenthede, uitoefening van lidmaatskapsregte vir sakramentsgebruik, reg om bevestig te word in die gemeente wat beroep het, reg om op die kerkraad te dien.<sup>117</sup>

Die houe het geoordeel dat die grond vir tersydestelling van tug is (1.) dat ultra vires die KO gehandel is<sup>118</sup>; (2.) dat die vergadering wat tug uitoefen, nie behoorlik saamgestel is nie<sup>119</sup>; (3.) dat die kerklike prosesreëls nie toegepas is nie<sup>120</sup>; (4.) dat die reël *audi et alteram partem* veronagsaam is<sup>121</sup>; (5.) dat die klaer en aangeklaagde nie tegelykertyd die verrigtinge bygewoon het nie en dat nie 'n behoorlike klag aan die aangeklaagde gestel is nie,<sup>122</sup> (6.) dat die aangeklaagde hom nie bewus was van wat hom te laste gelê is nie en geen kennis gekry het van die plek en datum waarop sy saak behandel word nie,<sup>123</sup> (7.) dat geen kruisverhoor toegelaat is nie,<sup>124</sup> (8.) dat die kerklike vergadering nie onpartydig was nie.<sup>125</sup>

Hierdie formalistiese benadering van kerkreg volgens wêreldlike prosesreg, asof dit vir alle omstandighede bindende goddelike reg is, is in stryd met die woorde en gees van art. 86 DKO.<sup>126</sup> In die uitoefening van die tug behoort al of nie inagneming van formaliteite nie oor die saak self te heers nie. Dit is teen die gees van die kerkreg, wat die belang van die kerk as geloofsgemeenskap nie mag opoffer aan formaliteite nie.<sup>127</sup> Hierdie kritiek misken nie die Bybelse voorskrif dat in die kerk die goeie orde onderhou moet word nie.

Onhoudbaar is vanuit gereformeerde standpunt die stelling<sup>128</sup> dat die KO nie implisiet of eksplisiet die benoeming van 'n staatsregbank in 'n kerklike tugsak sou mag uitsluit nie. Die rede sou wees dat die kerk onbevoegd is om sy lidmate burgerlike regte te ontnem. Sodanige bepaling sou geen rekening hou met die deurwerking van die sonde ook in die kerklike gemeenskap nie, dit sou die lidmate onreg aandoen en sou die regskrenking in die liggaam van Christus laat voortwoeker. Enige beperking op die jurisdiksie van die hof as orgaan van die owerheid sou in hierdie sondige bedeling in die lig van Rom 13 : 1-5, met beroep op Calvyn<sup>129</sup> Institusie IV XX 17-21, prinsipiële nie geregverdig kon word nie.

Volgens my opvatting is dié middel egter erger as die kwaal. Die middel is immers inmenging deur regbanke van 'n neutrale staat, wie se regters geen Christene hoef te wees nie in kerklike sake, eindeloos gerekte prosedures met nog meer formaliteite; bemoeiing deur prokureurs en advokate<sup>130</sup> wat kerklike sake oorbelaas met allerlei formele en bewysregtelike voorskrifte wat vreemd is of strydig<sup>131</sup> met die kerklike moraal en tradisie, onbetaalbare hofkoste ten laste van lidmate wat hul kerklike bydraes daarvoor nie bestem het nie en wat nou nie-kerklike doeleindes begunstig.

Dit is die hoogste tyd dat die wetgewer en die regters hul bekeer tot die leer van Calvyn en Voet, in die belang van die kerk én van die staat.<sup>132</sup>

## VOETNOTE:

1. Gegewens vir 2.2. is ontleen aan C. Hooijer, *Oude Kerkenordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten (1563-1638)*, Zalt-Bommel 1865; F. L. Bos, *De Orde der kerk, 's-Gravenhage* 1950; G. H. Kersten, *Kerkelijk Handboekje, Utrecht* 1961; R. H. Bremmer, *Uit de geboortegeschiedenis van de Gereformeerde Kerken in Nederland, Gereformeerde Kerken in de Storm (1568-1579)*, Enschede 1979; Nauta, Knetsch, Bremmer, Moreau, Van 't Spijker en Van Dooren, *De Nationale Synode van Dordrecht 1578*, Amsterdam 1978; J. F. Munneke, *Het historisch fundament der kerk*, Goes 1972; J. Th de Visser, *Kerk en staat, 2e deel*, Leiden 1926; J. F. Goeters *Die Beschlüsse des Weseler Konvents von 1568*, Verlag Presseverband der Evangelischen Kirchen in Rheinland-Düsseldorf 1968; J. Kamphuis, *Voortgaande discussie over het Remonstrante kerkrecht*, artikelenserie in *De Reformatie* van 27 Aug. tot 22 Okt. 1960.
2. L. Roeleveld, *Die Dordtse Kerkorde oor die verhouding van kerk en owerheid*, *Gereformeerde Maandblad Die Wagter Augustus* 1981.
3. F. L. Bos, tap bl. 302.
4. Vgl. *Groot Placaetboek III* bl. 443, waar die owerheid die kerk waarsku om filosofie nie met teologie te verwar nie; III bl. 473 dat daar geen politieke sake op die preekstoel behandel mag word nie; IV *Resolusie Staten van Holland* 18 Desember 1694 wat voorskryf hoe gereformeerde predikante met mekaar moet omgaan en dat hulle geen filosofie, maar die Dordtse leerreëls moet predik; L. van Heijningen, *Historische schetsen en kritieken*, Goes 1971 bl. 89-91 vermeld die teks van die opdrag van die State van Holland aan die kerke, van 'n voorgeskrewe gebed vir die owerhede van so 'n inhoud dat nie die State Generaal van die Verenigde Nederlande nie, maar die Provinsiale State die oppermag uitoefen. Hierdie gebedsdwang was lynreg in stryd met die Unie van Utrecht soos die besondere regbank dit in 1618 toegepas het in die saak van die Remonstrante. As die predikante hul nie aan hierdie bevel van 1663 sou hou nie, sou hul gestraf word met inhouding van traktement: *Groot Placaetboek III* 474-477; J. de Jong, *Leerboek voor de geschiedenis van het vaderland, 's-Gravenhage*, 1912 Eerste deel bl. 191 wys daarop, dat die kerke vrye sensuur geëis het. Tengevolge daarvan sou die gesensureerde lede egter onbevoeg word om 'n owerheidsamp te beklee, want volgens die destydse staatsreg kon net lidmate van die gereformeerde kerke vir so 'n amp benoem word. Vanuit die gesigspunt van die regering van Holland was reeds dit 'n rede om die kerkrade nie vry te laat in uitoefening van kerklike tug nie.
5. Munneke tap bl. 142-143; H. J. Meijering, *Reformatie en Mystiek*, Goes 195 bl. 34-35.
6. *Hollandsche Consultatien III* 1688 Rotterdam bl. 630 punt 78 oor die reg van die stede wat hul verset het teen misdrywe, onder die naam van die religie gepleeg, vermeld op bl. 633 in punt 88 'n opinie van De Groot dat die stadsrade die reg het om 'n einde aan kerklike geskille te maak.
7. S. J. Fockema Andreae, *De Nederlandse Staat onder de Republiek*, Amsterdam 1961 bl. 148; W. M. Plöchl, *Geschichte des Kirchenrechts*, Band I Verlag Herold Wien 1960 bl. 123 vermeld dat na die konsilie van Nicea 325 die kerkreg sterk deur die Romeinse reg beïnvloed word. Dit geld veral organisasie en bestuur. Andersyds het die kerk die Romeinse reg se ontwikkeling beïnvloed.
8. Hooijer tap bl. 348.

9. Rooms-Hollands Regt 1.11.5 en 5.5.7. en 8; Censura Forensis 1.1.6.2. en 2.14.13. en 18.
10. Judiciele Practycq of Form van Procedeeren deel I Boek 1.1.3. (uitgawe 1829).
11. Stelling op bl. 21. Die Nederlandse teks is in die Gemeente-Argief van Leiden nr. 34000 P; Die Latynse teks is opgeneem in sy Opera Omnia, Leiden 1760.
12. Ulrik Huber, Heedendaegse Rechtsgeleertheit, Amsterdam 1742 vierde druk, beskryf in Kapitel x bl. 568-576 uitvoerig 'Van het recht der Oppermacht omtrent de Godtsdienst'. Die sitaat is ontleen aan punt 53. Kyk ook punte 27 en 28. In 1707 het Kaapse predikante hul o.a. op hierdie sitaat uit Huber beroep t.o.v. vryheid van kerklike tug. Kyk C. Spoelstra, Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, Amsterdam-Kaapstad 1906 I bl. 73.
13. C. van Bynkershoek, Observationes Tumultuariæ nrs. 1673 en 2378.
14. Merula, Manier van Procederen 1741, bl. 192, 217-218.
15. Volgens brief Rijksarchief in Zuid-Holland van 16 Febr. 1982 ontbreek gegewens oor hierdie saak.
16. Ibid; ook t.o.v. die Schepenbank ontbreek gegewens.
17. Hulle taak was om te waak vir die regte van die owerheid. J. Th de Visser, Kerk en Staat II Leiden 1926 bl. 485-489 Hoofstuk XIX De commissarissen-politiek.
18. De Visser tap III bl. 13-14. Die KO van De Mist handhaaf hierdie instelling. Dit is selfs in die Engelse tyd na 1806 nog versterk: C. F. J. Muller, 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1969 bl. 107
19. Regtsgeleerd, Practicaal en Koopmans Handboek, Amsterdam 1806 bl. 292.
20. Dit is 'n omstrede vraag of die Kaapse kerk tot die klassis Amsterdam behoort het. Volgens C. Spoelstra tap I bl. 198 skryf Kaapse predikante op 26 September 1742 dat hul onder die klassis Amsterdam 'als integreerende leden mede behooren'.
21. Groot Placaet Boek II bl. 1267 bepaal omtrent die 'Regeringe, Ordre en Instructie Africa' van 5 Julie 1642 in art. X dat die 'Godsdienst volgens gebruiklike orde en kerkorde van Nederland' ingerig is en 'alle middele aangewent (word) om de inwooneren des lands en hare kindren tot de kennisse Gods, de Christelijke Gereformeerde religie, alsook de letterkonst te brengen'. In art. XI dat 'Portugesen en Naturellen, Rooms of Joods vry en sonder moeienis of onderzoek in hare conscientien of particuliere huysen, mits dat zij haar wachten van publieke diensten, schandalen en onteringen van Gods onzen Zaligmakers heilige Woord'. In art XLIII 'De salven, soo veel als mogelijk is, sullen sij van haere heeren en meesters Christelijck doen tracteren, ende tot het gehoor van Godes Heylige Woort laten komen' T.o.v. heidense godsdienste is toleransie geoefen in Indië. 'n Strafvervolging insake 'n Sjinees afgodsbeeld in stryd met die Gereformeerde religie is op las van die owerheid gestaak: F. W. Stapel, Bijdragen tot de geschiedenis van Ned Oos-Indië 1932 bl. 62-63.
22. C. W. Th van Boetzelaer van Dubbeldam, De Gereformeerde Kerken en de Zending in Oost-Indië in de dagen der Oost-Indische Compagnie, teologies proefskrif Utrecht 1906 bl. 126-144.
23. Die teks van die betrokke KO is te vinde by Van Boetzelaer tap en C. Spoelstra tap II bl. 593.
24. Moontlik was dit 'n formele argument vanweë die afskaffing van die gekombineerde Kerkvergadering.
25. C. Spoelstra tap I bl. 54, 69, 73, 74, 77, 78, 93.

26. C. Spoelstra tap II bl. 610, 611.
27. C. Spoelstra tap I bl. 196, 198.
28. C. Spoelstra tap I bl. 344, 401.
29. C. Spoelstra tap II bl. 347.
30. F. L. Rutgers, De geldigheid van de oude kerkenordering der Nederlandsche Gereformeerde Kerken, rede 21 Oktober 1889, heruitgawe Amsterdam 1971 bl. 10-12.
31. Ek stem saam met J. P. Jooste, Die verhouding tussen kerk en staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e eeu, teologies proefskrif Unisa 1946 bl. 56, dat die Hollandse KO van 1591 aan die Kaap nie van toepassing was nie. Ek verskil met hom om 'n keuse te maak tussen die Indiese KO en die DKO. Op bl. 71 onderskei hy ten onregte nie tussen die Politieke Raad en die Raad van Justisie nie.
32. Kyk oa die uitvoerige Theronsaak in C. Spoelstra tap deel I.
34. C. Spoelstra tap II bl. 568, art. 15.
35. C. Spoelstra tap I bl. 297-298, II bl. 129, 132, 284-298.
36. Kriminele Regsrolle 1761 CJ 43, bl. 43-48. Die woordelike teks van die tussenvonnis: Vervolgens ter tafel gebrag en by der hand genoomen zijnde, het vertoog en daarby gevoegde munimenten, door den ondercoopman Sr. Otto Luder Hommij, alsfore interim 't fiscaals ampt alhier waarneemende, wegens den Predikant der Swartlandsche gemeente, de Eerw. Gerhardus Croeser, beneevens dier Ouderlingen Paul Retiefs en Stephanus Sebastianus Walters, noopens de door hunlieden gedaane Excommunicatie van de meerderjarige Jonge Dogter Hendrina van der Westhijzen, en verdere ten laste van geme. Predikant particulier daar . . . ter needer gestelde Saaken, op den 16 April Jongstl. in hoc Judicio Ge-Exhibeert, en toenmaals, vermits dies ampelen Inhoud en concurrerende Omstandigheeden ter rondleesing by de gesamentlyke Leeden deeses Raads in Advijs gehouden; by het eijnde van welk vertoog den ratione officii vertoonder komt te versoeken, dat het deesen raad behaagen mogte, daaromtrent sodanig te disponeeren, als zoude vinden te behooren: Soo is, na nogmaalige resumptien en ernstige overweeing, van alle de Pointen daarin vervat, ten opsigte der Excommunicatie van voorsz. Hendrina van der Westhijzen, uyt aanmerking, dat deselve rauwelyx en ten onregte geschied, mitsgs boovensdien op eene gans'h irreguliere, en teegens de kerkelyke gebruijken strijdige wyse in 't werk gesteld is; oversulx eerstelyk goedgevonden en verstaan, den Eerwe Kerkenraad alhier te demandeeren, om geme Predicant en Ouderlingen, weegens hun voorsz onbetamelyk gedoente, naarvolgens het dictamen der respectie kerkelyke ordres te censureeren, mitsg voormde Hendrina van der Westhijzen voor ge gemeynte der Swartlandsche Kerk in dier voegen, als haar Eerws met de usantien in dat Cas, overeenkomstig zullen vinden, van voorm. Excommunicatie te doen ontheffen, en dus tot het gebruik des heyligen bondzeegels weederom te admitteeren: zullende dierhalven, en om haar Eerw tot de uijtvoeringe van 't voorsz: Staande, Soo veel te beter in Staat te stellen, aan haer Eerws, behalven dit Decreet, nog worden medegegedeelt, de noodige Extracten uijt voorm. Vertoog en Enquesten, voor soo verre by die munimenten, ten belange van dit point, mentie word gemaakt, ofte Deselve relatige (?) bevonden werden: Tterwijl wejders goedgevonden en verstaan is, aan voorm. Eerw. Predicant Croeser, ten opsigte van 't verdere, bij meer vertoog en stukken, ten zijnen particularieren laste, ter needergesteld gevonden wordende, te doen afgeeven Copia van alle de voorsz: bij den ex officio vertoonden geExhi-

beerde papieren; ten eijnde desselfs belangen, soe eenige heeft, over vier weeken, gerekent van den dag der pronuntiatien Deeses, bij Deesen Raade daarteegens behoorlik in te brengen; reserveerende den Raad de kosten omtrent het voorsz. staande gevallen ten uyteynde van de saak.

Maar nademaal bij resumptie van meerme verhoog en stukken, teffens is koomen te bliken, dat boovengenme meerderjarige Dogter Hendrina van der Westhuijsen, haar, soo ten opsigte van het verscheuren van seeker daerby vermelde briefje, als de gedaane weijgering, om voor den kerkeraad der Swartlandsche gemeynte te verscheijnen, meede onbetaamelijk en irreverent gedragen heeft, 't welke te doen zij geensints bevoegt zijn de en mitsdien ook zonder correctie niet gelaaten werden kan;

soo heeft den EAgtbrn Raad, ten eynde dat pointc definitivelyk te decideeren, naar met aandagt overwoogen te hebben, alle 't geene ter saake dienende was, en haar E.Agtbr konde doen moveeren: Regt doende uyt Naame ende weegens de Hoogmoogende Heeren Staaten Generaal der Verenigde Neederlanden, geordonneert, dat voorsz. Hendrina van der Westhuysen, over haar boovengem: Onbetamelijk en irreverent gedrag in pleno Senato scherpelyk gereprimendeert werden sal; en deselve voorts gecondemneert in eene boete van Vyf en Twintig Rijxdaalders ten behoeve der Swartlandsche kerk, mitsgs in de kosten ter deeser Instantie gevallen. —

Sullende den Secretaris deeser vierschaar, over sulx, den ex officio verhoog, mitsgs den Eerw, predikant Gerhardus Croeser, en de beijde Ouderlingen Paul Retief, en Stephanus Sebastianus Walters, beneevens meerm. Hendrina van der Westhuijsen, amshalven moeten laaten dagvaarden, de laagstgeme ten opsigte van het evengem: definitief vonnis, en de Eersgeme om het voorsz: Decreet en Dispositief interlocutoir te hooren pronuntieeren.

'n Rikxdaalder was ongeveer 2½ gulden. Volgens T. N. Hanekom *Helperus Ritzeman van Lier*, Kaapstad 1959 bl. 127 het 'n senior predikant aan die Kaap f 120 per maand verdien. Die boete was dus ongeveer gelyk aan 'n halwe maand traktement van 'n predikant.

37. Volgens Van der Linden *Judicieele Practijcq* tap II 81, 156-157 is aan die bevel in die Romeins-Hollandse reg slegs afdwingbaar deur gyseling afgedwing word. In S.A. is dit strafbare misdaad, Angelsaksiese „contempt of court” De Wet-Swanepoel, Die Suid-Afrikaanse strafreg 1960 593-596.
38. Kyk B. Spoelstra, *Die 'Doppers' in Suid-Afrika 1760-1899*, 1963 bl. 33 ev.
39. Jooste tap bl. 78-107.
40. L. Roeleveld, *Gereformeerde Kerken in het Privaatrecht*, Zeist 1958 bl. 20-21.
41. De Visser tap III bl. 78-86. Die Staatsregeling van 1798 bepaal in art. 246: De wijze, waarop de Republikeinse beginselen, in de Bezittingen en Coloniën der Republiek, geregeld zullen worden ingevoerd, word door de Wet bepaald. Ek kon nie ondersoek of daar 'n sodanige wet gemaak is, waarmee die KO van De Mist in 1804 gebots het nie.
42. G. D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, Johannesburg 1970 II 1806-1854, bl. 85.
43. G. D. Scholtz tap II bl. 66-78.
44. G. D. Scholtz tap II bl. 79-80. III bl. 125-128.
45. G. D. Scholtz tap II bl. 181. G. B. A. Gerdener, *Ons kerk in die Transgariëp*, Kaapstad 1934 bl. 24: met toestemming van Piet Retief sou nag-



- maal gevier word. Bl. 26: in Desember 1837 is saam met die goewerneur die eerste gereëldde kerkraadsvergadering gehou. Bl. 30: die kerk het d.m.v. die regering 'n predikant beroep. Bl. 268: die kerkraad het die hulp van die volksraad ingeroep i.v.m. 'n sensuursak.
46. G. D. Scholtz tap II bl. 194.
  47. G. P. L. van der Linde, Calvin se beskouing van kerkregering en kerklike tug. IBC Potchefstroom 1980.
  48. W. de Zwart, Calvijn in het licht van zijn brieven, Kampen 1938 bl. 184-186 vermeld 'n brief van Calvyn aan Olevianus van 25 November 1650 oor die kerklike tug in Genève.
  49. Gustav Anring, Strassburg und die Calvinistische Kirchenverfassung, Reden bei der Rektoratsübergabe 3 Mei 1928, Universiteit Tübingen bl. 14. Kyk ook F. Buys, Die verhouding tussen staat en kerk in kerkhistoriese perspektief, In die Skriflig September 1981 bl. 42-49.
  50. Josef Bohatec, Calvins Lehre von Staat und Kirche, mit besonderer Berücksichtigung des Organismusgedankens 1937, herdruk 1967 Scientia Aalen. Kyk ook B. Spoelstra, Calvyn se kerkreg en invloed op kerke in Suid-Afrika, In die Skriflig September 1981, veral bl. 7-8, 10, 15, 17-18.
  51. Bohatec tap bl. 539.
  52. Bohatec tap bl. 540.
  53. Bohatec tap bl. 541.
  54. Bohatec tap bl. 543.
  55. Bohatec tap bl. 544 en 545.
  56. Bohatec tap bl. 546
  57. Bohatec tap bl. 547.
  58. Bohatec tap bl. 551.
  59. Bohatec tap bl. 552.
  60. Bohatec tap bl. 553.
  61. Bohatec tap bl. 561.
  62. Bohatec tap bl. 570.
  63. Bohatec tap bl. 571.
  64. Bohatec tap bl. 574.
  65. Bohatec tap bl. 575.
  66. Bohatec tap bl. 579.
  67. Bohatec tap bl. 580.
  68. De Visser tap II bl. 374-423; Enno Conring, Kirche und Staat nach der Lehre der niederländischen Calvinisten in der ersten Hälfte des 17. Jahrhundert, Beiträge zur Geschichte und Lehre der Reformierten Kirche, Neukircher Verlag des Erziehungsvereins GmbH 1965; P. Deddens, De Reformatie 6 Maart 1954.
  69. Gisberti Voetii Tractatus Selecta de Politica Ecclesiastica (PE), Rutgers edisie Amsterdam 1885.
  70. Hier het Voet blykbaar die geval op die oog dat die owerheid 'n bevoorregte kerk in die staat erken.
  71. PE I 190.
  72. PE I 190.
  73. PE III 219.
  74. F. L. Rutgers, Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt. Rede rektoraatsoordrag VU Amsterdam 1894 bl. 19-20, 25 stel dat vorme nie aan die wese tekort mag doen nie. Omdat God se Woord die grondslag van die kerkreg is, moet die gewetens vrygelaat word en die aantal formaliteite so klein moontlik wees. Die volstrekte heerskappy van die Woord van God moet ook formeel in die regsorde

opgeneem word. Die kerklike tug, ook selfs die afsnyding, is geen regterlike straf en geen dwangmiddel nie. Die weerspannige afwyker hoort in die kerk nie tuis nie. Hy verbreek self die gemeenskap. Die kerk spreek dit uit. Vergelding en straf laat die kerk aan sy Koning oor. So word die reg gehandhaaf. J. Kamphuis, Schorsing en Kerkverband, Verkenning III Opstellen over kerk en kerkrecht, Goes 1966 bl. 131-173 handel oor die geval dat die formele voorskrifte van art. 79 KO nie nagekom nie. L. Roeleveld, Beginselen van Kerkelike rechtspraak, In die Skriflig Maart 1972 bl. 41-51; kyk ook die nommer van Desember 1980 bl. 15-17. J. Kamphuis, De kerkeraad als kerkelijk gerecht, De Reformatie 29 Oktober, 5, 12, 19 en 26 November 1977.

75. L. Roeleveld, Gereformeerde Kerken in het privaatrecht tap bl. 46.
76. D. J. Veegens, Mededelingen van de Nederlandse Vereniging voor Internationaal Recht bl. 57-60. Th C. van Boven, De volkenrechtelijke bescherming van de godsdienstvrijheid, Leiden 1967.
77. L. Hardenberg, Het eigen recht van de kerken, Weekblad voor Privaatrecht, Notarisambt en Registratie jaargang 111 nr. 5518-5520 van 19 en 26 April en 3 Mei 1980.
78. Hardenberg tap. L. Roeleveld, Opmerkingen omtrent de positie van de Kerken in het nieuwe Burgerlijk Wetboek, Lucerna, Gereformeerd Interfacultair Tijdschrift 1958 bl. 33-47. P. Scholten, Handleiding tot de beoefening van het Nederlands Burgerlijk Recht, Algemeen deel, Zwolle 1974 bl. 32 ontken, dat die kerkreg selfstandig naas die staatsreg staan, soos die kanonieke reg in die Middeleeue. Volgens hom staan die kerkreg onder die staatsreg. Die kerk kan slegs reël binne sy eie kring vir sover die staat dit toelaat, en vir sover die individuele mens die kerkenorde deur sy eie handeling aanvaar het. Die mag van die kerk kan nooit iemand raak wat die kerk verlaat het nie. Kerkreg is blote belofte-reg, nie bevelsreg nie en daarom privaatrege.
79. Hardenberg tap. Nederlands Dagblad 22 Maart 1975.
80. Asser-Van der Grinten, Vertegenwoordiging en rechtspersoon, De Rechtspersoon Zwolle 1980 bl. 162-175 i.s. die regsposisie van kerkgenootskappe. In die begripsoms krywing wil hy die benaming 'leden' vervang deur 'aangeslotenen'.
81. Hoge Raad 31 Oktober 1956 Nederlandse Jurisprudentie 1957 no. 334
82. Hoge Raad 28 Jan. 1959 BNB 1959/121; kyk ook Lucerna tap I bl. 142-143, 237-242.
83. Regbank Zwolle 16 Maart 1966 Nederlandse Jurisprudentie 1967 no. 178 wys 'n eis van 'n sendeling tot betaling van agterstallig traktement af. Die verhouding tussen kerk en predikant is geen arbeidsooreenkoms nie, maar berus op die kerkreg. Die sinode het uitgespreek dat die kerkraad die sendeling in sy amp behoort te herstel en dat die sendeling die gesag van die kerkraad moet erken. Solank hierdie dae van albei partye nie plaas gevind het nie, kan die predikant sy amp nie uitoefen nie. Die sinodeuitspraak is sonder meer nie bindend op die kerkraad nie. Implisiet erken die regbank hier die gesag van kerklike regspraak, waardeur hy hom van inmenging in die saak onthou. Vgl. Nederlands Dagblad van April 1975 i.v.m. standpunt gereformeerde en rooms-katolieke lede van die Nederlandse volksraad. Daar kan 'n konflik bestaan oor 'n wetsbepaling en die kerkleer vgl. die ontslag van 'n Rooms-Katolieke priester as dosent van 'n teologiese skool, wat in stryd met die leer van sy kerk in die huwelik tree. Die burgerlike arbeidsreg mag hom met so 'n saak nie bemoei nie.

84. 29 Mei 1963 Nederlandse Jurisprudentie 1965 no. 246.
85. Sien die voorbeelde in L. Roeleveld, Gereformeerde Kerken in het Privaatrecht tap. bl. 18-19.
86. Geregshof Leeuwarden 24 Januarie 1951 Nederlandse Jurisprudentie no. 601; Hoge Raad 22 April 1974 Nederlandse Jurisprudentie 1977 bl. 373-759, wat behandel is in In die Skriflig van September 1980 bl. 33-39.
87. Vgl. L. Roeleveld, Regshistoriese opmerkings in verband met laster, Acta Juridica Universiteit van Kaapstad 1981 (ter perse), waar gestel word dat in die Romeins Hollandse reg die doel van die lasteraksie nie was om 'n groot geldbedrag te verkry nie, maar versoening. Die Fries Dagblad van 5 Sept. 1957 vermeld dat 'n gereformeerde suster die kerkraad van Hallum gedagvaar het, omdat sy weens sonde teen die sewende gebod onder sensuur gestel is. Sy het f 500 skadevergoeding geëis. Die redaksie merk daarby op, dat tuguitoefening wel eens 'n dure saak sou kon word. Dit staan egter wel vas, dat die skadevergoeding nie toegestaan sal word nie, omdat sy by haar geloofsbelofte beloof het om haar aan die kerklike tug te onderwerp. Dit bly egter volgens die koerantberig vreemd dat sy 'n advokaat kon vind om met 'n dergelike kanslose prosedure te begin.  
Interessant is 'n verweer in 'n saak wat in Nederlandse Jurisprudentie 1925 bl. 619-621 gerapporteer is. 'n Vrou het skeiding van tafel en bed gevra. Haar man verweer hom deur te stel dat sy haar met hom versoen het deur die nagmaal met hom te gebruik. Die hof aanvaar die repliek van die vrou dat sy in stilte voorbereidings vir haar vertrek gemaak het en deur die nagmaal te gebruik geen argwaan wou wek.
88. Entscheidungen des Bundesverfassungsgerichts, 18. Band 1965, Tübingen no. 42 bl. 385-389.
89. Oberverwaltungsgericht Berlin 19 Aug. 1970, ontleen aan Zeitschrift für Evangelisches Kirchenrecht 16. Band 1971 JCB Mohr (Paul Siebeck) Tübingen bl. 426-428.
90. Byvoorbeeld Peter von Tillig in Zeitschrift für Evangelisches Kirchenrecht 16. Band 1971 Tübingen bl. 209—211.
91. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland, Friesenhahn-Scheuner-Lisli, Duncker und Humblot, Berlin 1 1974; voorts Axel Freiherr von Campenhausen, Staatskirchenrecht 1973.
92. Handbuch tap bl. 759-760.
93. Handbuch tap. bl. 761-766.
94. Handbuch tap bl. 696-697.
95. Handbuch tap bl. 774 ev.
96. Handbuch tap bl. 780-781.  
Die Nieuwe Haagse Courant van 11 Julie 1959 vermeld 'n saak waarin die Wes-Duitse geïllustreerde tydskrif Die Stern eis teen die Evangeliese Kerk omdat kerklike leiers op sensasionele beriggewing. In die eerste publikasie van die kommissie is ingegaan en vernietigende kritiek op die eiser gelewer het wat neerkom op 'n ekonomiese boikot in stryd met die wet. Die Hamburgse regbank het die eis afgewys.
97. Handbuch tap bl. 785.
98. J. D. van der Vyver, Die beskerming van menseregte in Suid-Afrika, Kaapstad 1975 bl. 74-83. Hy raak die onderwerp van hierdie studie eintlik nie aan nie.
99. L. Roeleveld, Die voorrede en die begin van ons Grondwet, Huldigingsbundel Daniel Pont Kaapstad 1970 bl. 295-325.
100. Rudolph Sohm, (ontleen aan Rutgers tap bl. 14) sê: die kerk is die

liggaam van Christus en net gebonde aan die ordonnansies van God. Dit is ongerymd om in Christus aan die owerheid mag te gee om die kerk te beskou as 'n genootskap gelyksoortig aan menslike verenigings. Vgl. die resente uitspraak Van Vuuren v Kerkraad van die Mōrelig NG gemeente in die OVS 1979 SA 1 548 ev op 557: Die verhouding tussen die applikant en die respondent is 'n kontraktuele verhouding. Die regter verwys hiervoor na sake uit 1863, 1930, 1961 en 1976. Dit is reeds by herhaling beslis dat die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n vrywillige vereniging is. Die regter verwys na sake uit 1918, 1922, 1952. Die grondwet van 'n vrywillige vereniging moet volgens die gewone beginsels wat op kontrakte van toepassing is vertolk word. Die verskoning van die regters om domweg presedente toe te pas, misken hul eie verantwoordelikheid voor God en die wêreld.

101. Kyk die opmerking hieromtrent in *In die Skriflig* Desember 1973 bl. 25, 26, 37-38, 42 Tydskrif vir Regswetenskap Bloemfontein Junie 1978 bl. 68-69.
102. Omtrent die geskiedenis van die formulier kyk J. Kamphuis Verkenningen III tap Hoofstuk III Het gegeven woord bl. 38-58. Voorts D. J. Mul, De aard van de binding aan de belijdenisgeschriften tussen 1561 en 1619, *Luccerna* tap November 1968 bl. 228-249. Die teks van die formulier is te vinde in *Groot Placaetboek III* bl. 426-427.
103. Kyk *In die Skriflig* September 1972 bl. 55.
104. Vir die vraag van hoor en wederhoor is belangrik wat G. Voet tap *PE Pars III Liber I* bl. 322 beantwoord. Die vraag lui: of 'n sinode 'n beslissing kan neem teen iemand wat nie gehoor is nie. Antwoord: Iemand kan in die sinode gehoor word of deur iemand wat sy saak behartig; of deur sy geskifte en boeke.  
Die geval van Vorstius en van die Remonstrante 1612.
105. Die oorsig is ontleen aan DCG Fourie, *Die Nederduitse Gereformeerde kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg, LLD* proefskrif Potchefstroom 1973. Kyk voorts J. Sadler, *Die Kerklike tugoefening, LLD* proefskrif UP 1979.
106. Fourie tap bl. 144.
107. Fourie bl. 222. Fourie ag dit te eng en te beperkend.
108. Fourie tap bl. 225.
109. Fourie tap bl. 225.
110. Fourie tap bl. 226. Fourie stem saam met die hof.
111. Fourie tap bl. 231. Dit berus op 'n verkeerde ampsoopvatting.
112. Fourie tap bl. 235.
113. Fourie tap bl. 238. Kyk ook Theron en andere versus Ring van Wellington van die NG Sendingskerk.
114. Fourie tap bl. 237.
115. Fourie tap bl. 240.
116. Fourie tap bla 241.
117. Fourie tap bl. 246.
118. Fourie tap bl. 248.
119. Fourie tap bl. 253.
120. Fourie tap bl. 254.
121. Fourie tap bl. 257.
122. Fourie tap bl. 259.
123. Fourie tap bl. 260.
124. Fourie tap bl. 261.
125. Fourie tap bl. 164-266.
126. Dit bepaal dat die gemeente, klassis of sinode met 'Naarstigheid' die

- KO sal onderhou. Vgl. die betekenis 'beneerstigen' soos vermeld in Glosarium juris Brabantici of zestalig verklarend Woordenboek van de Ambts — en Rechtstaal gebezigd in het voormalige Hertogdom Brabant 1222 (1807) door E. J. Th. A. M. van Emstede, Deurne 1981: — zich inspanssen; waarnemen; behartig, zorg dragen voor . . . — s' efforcer; s' evertuer; prendre à la coeur; faire des efforts veiller; — sich anstrengen; beherzigen; sorgen für; — exert oneself; to look after; take care of . . .; Kyk ook voetnoot 74.
127. Die Nederlandse strafproses maak onderskeid tussen versuim van vorme wat die wet wel of nie met nietigheid bedreig. Om koste te bespaar bepaal die wet dat die hoogste regter net in twee gevalle van vormversuim vonnise van die laagste regter kan vernietig. Hierdie stelsel beperk 'n formalistiese wetstoepassing: J. M. van Bemmelen, Strafvordering, Leerboek van het Nederlandsche Strafprocesrecht, 's-Gravenhage 1940 bl. 429-432.
128. Fourie tap bl. 242-243, 247, 277. In die Romeins-Hollandse reg was dit moontlik om beroep op die staatsregbank te vervang deur 'n vorm van arbitrasie. Kyk L. Roeleveld Het Verzekerings-Archief 's-Gravenhage 1978 bl. 49-75, reglement van 'n lewensversekeringsfonds uit 1770, Art. 25. Waarom kan 'n KO nie dieselfde bepaling inhou nie?
129. Fourie beroep hom foutief op Calvyn.
130. Die sinode van Friesland het in 1647 besluit om geen advokate en notaris toe te laat om kerklike sake in kerklike vergaderinge te behandel nie: F. L. Bos, De Orde der Kerk, tap bl. 109, 271. Ulrik Huber tap bl. 575 punt 55 stel eweneens dat litigasie in kerklike vergaderinge sonder advokate en prokureurs moet plaas vind.
131. V.g.l. die onbybelse eedpraktyk, L. Roeleveld. 'Besware teen die Suid-Afrikaanse eedpraktyk' in Die Wagter van Februarie 1981.
132. HET DAGHET IN HET OOSTEN: 'n Berig in The Daily News Durban van Dinsdag 21 Augustus 1979 lui so: Court not the place for church to settle disputes, says judge. The lengthy leadership dispute which has plagued the Nazareth Baptist Church since its former leader, Mr. J. G. Shembe died in 1978 came no closer to being resolved at another Supreme Court hearing yesterday . . . Yesterday's appearance in court before Mr. Justice Kriek and Mr. Justice Thirion was a sequel to the decision of a committee last year, who appointed Mr. Amos Shembe as titular head of the church — a move which is now being contested because of alleged irregularities . . . Earlier Mr. Justice Kriek had ordered a halt in the proceedings and asked the representatives of the two leaders to get together, and decide on an impartial mediator who would hear evidence from both sides. 'It is completely out of character for a body such as a church to settle its differences in court', Mr. Justice Kriek said. However representatives of both factions soon returned indicating that they wished to continue with the review proceedings. Mr Justice Kriek reserved judgment after hearing submissions from both sides, and urged the representatives of both factions that it was still not too late to appoint a impartial mediator.